

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 15, No. 6

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2015 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Richard F Ames, Redaksionele Direkteur

Binnkort hier: God se effektiewe Regering!

Die lewe kan oorvloedig, voorspoedig en inspirerend wees, volgens die mate wat die mens Bybelse Wette en beginsels navolg. Met twee wêreldoorloë en baie plaaslike oorloë in die afgelope honderd jaar, met voortgesette militêre, politieke en sosiale konflikte wat aan die toeneem is, behoort dit egter vir enige objektiewe waarnemer duidelik te wees dat ons op algehele wêreldwye rampspoed afstuur. Die mensdom het aan homself bewys dat dit bykans onmoontlik is om homself te regeer.

Korrupsie is 'n waarskynlike probleem met menslike regerings. Die waghond-organisasie, *Transparency International*, het onlangs 175 van die wêreld se regerings en gebiede ontleed ter voorbereiding van sy *Corruption Perceptions Index 2015*. Die organisasie het korrupsie só omskryf: “Korrupsie is die misbruik van toevertroude mag vir privaat gewin. Dit kan geklassifiseer word as belangrik, nietig en polities, afhangende van die bedrae geld wat verlore gaan asook die sektor waarin dit plaasvind”.

Interessant genoeg, die 20 lande wat as die **korrupste** beskou word (van meer tot minder korrup), is: Somalië, Noord-Korea, Soedan, Afghanistan, Suid-Soedan, Irak, Toerkmenistan, Oesbekistan, Libië, Eritrea, Jemen, Venezuela, Haiti, Guinee-Bissau, Angola, Sirië, Burundi,

Zimbabwe, Myanmar en Kambodja. Let daarop dat hierdie 'n maatstaf van persepsie is, nie noodwendig van werklike korrupsie nie. Hierdie nasies het, om watter rede ook al, op watter manier ook al, 'n reputasie verwerf, as plekke waar korrupsie floreer. Aan die ander kant van die spektrum is die 20 lande wat as die **minste korrup** waargeneem word: Denemarke, Nieu-Seeland, Finland, Swede, Noorweë, Switserland, Singapoer, Nederland, Luxemburg, Kanada, Australië, Duitsland, Ysland, Verenigde Koninkryk, België, Japan, Barbados, Hongkong, Ierland en die Verenigde State. Tog weet ons dat die menslike natuur, selfs in die mees vooraanstaande nasies van vandag, 'n groot probleem is. Kan die mensdom die probleem van korrupsie in regerings, besighede en interpersoonlike verhoudings, heeltemal oplos? Die Skrif gee 'n uitdruklike antwoord: “Nee!” God openbaar 'n fundamentele kenmerk van die mensdom: “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood” (Spreek 14:12; 16:25).

'n Nuwe wêreldregering

Sesduisend jaar van opgetekende geskiedenis het herhaaldelik getoon dat menslike regerings nie die weg na blywende vrede aangeleer het nie. Na die Eerste

Wêreldoorlog is die Volkebond in 1920 gestig, met die doel om wêreldvrede te bewerkstellig. Die Volkebond het tragies misluk toe die Tweede Wêreldoorlog die dood van miljoene mense regoor die wêreld veroorsaak het. Die Geallieerde oorwinning in Europa en die twee atoombomme wat in Augustus 1945 op die nasie van Japan laat val is, het daardie oorlog beëindig. Die Verenigde Nasies is in Oktober 1945 gestig om die Volkebond te vervang en om voort te gaan met die sendings om vrede te bewaar en ontwapening te bewerkstellig. Nogtans kon die Verenigde Nasies nie wêreldvrede teweegbring nie, nog minder het dit die volksmoord van twee miljoen Kambodjane (1974-1979), 800,000 Rwandese (1994) en 200,000 mense in Bosnië-Herzegowina (1992-1995) verhoed – ook nie die ontelbare ander gruwels wat deur nasies en hulle bese diktators veroorsaak is nie.

Meer as 60 jaar het verloop sedert generaal Douglas MacArthur van die VSA 'n waarskuwing gerig het aangaande die behoefte vir “een of ander meer regverdige stelsel” om blywende vrede in die wêreld te bereik! Die mensdom het heeltemal gefaal in hierdie opsig! Bybelprofesie openbaar nogtans dat die Almagtige God so 'n stelsel sal instel wanneer Jesus Christus weer kom om vrede in die wêreld te vestig. Lees die aankondiging van 'n nuwe wêreldregering in

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Binnekort hier: God se effektiewe Regering!

Mr. Richard F. Ames se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Satan se oorlog teen gesinswaardes 3

Daar is 'n werklike duiwel wat niks meer daarvan sal hou as om die rolle wat mans, vrouens, ouers en kinders definieer, te verwar nie. Sal u sy aanvalle te bowe kom?

Dagga by 'n wettige kruispad? 8

'n Doelgerigte bestaan 10

Is u die resultaat van blinde toeval? Of is daar rede om te glo dat u vir 'n bepaalde doel geskape is, met 'n wonderlike bestemming wat voorlê?

Is u gereed vir Christus se Wederkoms? 14

Ons weet dat moeilike tye vir die wêreld voorlê. 'n Glansryke beloning wag egter op diegene wat op God vertrou, aan Hom gehoorsaam is en tot die einde toe volhard!

Hoeveel is genoeg? 18

Die werke van (Sy) ons hande 19

Kan ons ons menslikheid oorskry?

Londen roep 21

'n Nuwe “Slag van Brittanje”

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekkantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Satan se oorlog teen gesinswaardes

Deur Roderick C. Meredith

Gedurende Oktober/November 2015 het artikels in hoofstroom koerante en tydskrifte verskyn in verband met enorme brande wat oor die weste van die VSA ontstaan het, *miljoene* immigrante wat uit Afrika en die Midde-Ooste probeer het om op een of ander manier toegang tot Europa en Brittanje te verkry. Verder omtrent die Presidensiële kandidaat, Donald Trump se plan om ongeveer elf miljoen ongedokumenteerde immigrante uit die VSA te *deporteer*, asook die groot *finansiële krisis* wat oor Asië, Europa en Amerika swiep. Hoofstroom media berig ook oor die geweldige verdraaiing van gesinswaardes wat nou oor die hele VSA en Wes-Europa voorkom, van die idee dat “mans met mans trou”, van die gedagtes van baie liberaliste wat nou selfs “seks” met robotte oorweeg! Hulle bespreek ook die toenemende *geestelike ongesteldheid* en *depressie* onder ons jeug, oor die stygende getal *selfmoorde* onder homoseksuele persone en ander mense wat van die tradisionele waardes van die verlede afgedwaal het.

Hulle kan mens vertel oor *wat gebeur*, maar hulle verstaan *nie* die **betekenis** van hierdie gebeure nie. Hulle kan nie – of is nie bereid – om werklik die **kolletjies met mekaar te verbind** nie.

Kan *u* eerlikwaar “die kolletjies met mekaar verbind”? Sal *u* probeer – of is *u* *gewillig* om te probeer – om werklik te verstaan **waarom** ons hier op hierdie aarde is, wat die ware **lewenswyse** is wat vir ons deur ons Skepper bedoel is en *hoe* om

ware geluk en vervulling te bereik? Is *u* persoonlik gewillig om aan uself te erken dat daar 'n werklike “geesteswêreld” is? Dat baie van hierdie voorvalle van gewelddadige en sinnelose misdaad – waarin geestelik versteurde of ontstoke individue ander mense vermoor of martel – in werklikheid deur *demoniese geeste* geïnspireer is wat deur Satan die duiwel gelei is? Is *u* bereid om te erken dat daar 'n *werklike duiwel* is – soos Jesus Christus self baie keer beskryf het? Is *u* gewillig om te erken dat die boek wat ons die Bybel noem, in werklikheid die *geïnspireerde Woord van God* is en dat dit aan *u* ware **begrip** sal gee van al hierdie gebeure wat rondom *u* aangaan?

Die Bybel self maak die *werklikheid* van Satan die duiwel en sy demone duidelik. Ons lees van Satan wat mense *reg oor die hele wêreld* mislei, vir wie “die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korinthiërs 4:4). Satan die duiwel het inderdaad *miljoene* verwarde mense “verblind”! God se Woord maak dit baie duidelik, soos die apostel Johannes geïnspireer is om te skryf: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die **hele wêreld** verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9).

Binne die volgende paar jaar sal 'n ware “geestesoorlog” uitbreek, waarna Satan uit-

eindelik in 'n afgrond gewerp sal word. God se Woord skryf oor een van Sy magtige engele: “En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word” (Openbaring 20:2-3).

My vriende, *eers dan* sal die massiewe misleiding wat die wêreld oorval het, opgehef word. Eers dan sal mense begin om te beseef dat dit 'n feit is dat hierdie wêreld se samelewing eintlik van die Skepper en Sy regverdige en geseënde *lewenswyse* “afgesny” is.

Wat is Satan “besig om te doen”?

Wanneer *u* God se uiteindelige doel *verstaan* en die feit dat Satan die duiwel die allerlaaste *teenstander* is – die allerlaaste vyand van God en die mens – kan *u* begin om te verstaan waarmee Satan **besig is!** Die Almagtige God het die mens na “Sy beeld” geskape – om uiteindelik lede van Sy Geestelike Gesin te word – met Sy *ware* karakter. Derhalwe is die mens 'n definitiewe *bedreiging* vir Satan die duiwel. Ware Christene – diegene wat God waarlik *gehoorsaam* – is bestem om “*konings en priesters* vir onse God” te word “en ons sal as konings *op die aarde heers*” (Openbaring 5:10). Vanselfsprekend sal ons dan *Satan*, wat nou die huidige “owerste” van hierdie wêreld is, vervang

(Johannes 14:30; 16:11). Dus word ons die uiteindelijke **bedreiging** vir Satan se voortgesette heerskappy oor die hele aarde!

Dit is duidelik dat, *om die mensdom se toekomstige bestemming te vernietig*, Satan die *mensdom moet uitwis*. Hy moet dus ons gesinne vernietig, ons vermoë om kinders te baar en op te voed, alles wat 'n bedreiging geword het vir die voortbestaan en beheer van Satan op hierdie aarde. Satan het dus 'n kragtige motivering om die menslike gesin te *vernietig!* Hy het 'n sterk rede om die liefdevolle verhouding tussen 'n man en sy vrou te *vernietig* en hulle normale begeerte en vermoë om *kinders in die wêreld te bring* – toekomstige volwasse mense wat uiteindelik vir Satan en sy demone kan *vervang!*

Ons uiteindelijke teenstander, Satan die duiwel, is vasbeslote om die ware konsep van die huwelik te *vernietig* en die vermoë om kinders te hê – kinders wat *toekomstige konings* sal word om Satan te vervang! Satan het derhalwe *alle rede* om die hele “mans-trou-met-mans”-verhouding en alles wat dit behels, te probeer bevorder! Hy het baie van ons politieke en godsdienstige leiers beïnvloed – die regters is ook verwar – deur te begin om die gesin te vernietig met baie van hulle beslissings, leerstellings en hulle hele klem op “seks ter wille van seks” eerder as om seks as 'n normale deel van die huwelik te gebruik *om 'n gesin te bou* wat op Goddelike beginsels gebaseer is! Satan – as die “owerste van die mag van die lug” (Efésiërs 2:2) – is *in beheer* van die atmosfeer van hierdie aarde, die media, die vermaak en die smerige en verdraaide gesindhede wat deur al bogenoemde oorgedra word! Hy is voortdurend besig om dit in die

verstand van jong mense in te prent dat die normale huweliks-verhouding as deel van 'n gesin *nie meer nodig* of selfs “goed” is nie. Hy het dit in die gemoedere van mense geplaas dat seks 'n groot “speelding” is om aan te torring en te geniet op *watter manier* die mens – onder Satan se invloed – dit ook al wil gebruik.

Dus sal al hoe meer miljoene klein kindertjies binnekort grootword sonder die voorreg van 'n normale gesin, sonder 'n normale vader en moeder om 'n ware gesin in die huis te skep. Namate Satan mense lei om “skenker” sperma te gebruik om kinders *buite 'n huwelik* te verwek, sal al hoe meer miljoene klein kindertjies grootword *sonder om eers te weet* wie hulle regte pa is! Dit sal veroorsaak dat hulle “al hoe minder” na hulle hemelse Vader sal opsien en die verhouding wat God met hulle wil hê verstaan – waarvan die menslike gesin 'n voorbeeld is.

Miljoene jong mans sal nie die voorbeeld en onderrig hê om *ware manne* te word nie. Hulle sal grootword sonder die ontwikkeling van die manlike leierskap soos wat God bedoel het. Vroue sal grootword sonder om die lesse van die gesin te leer en om aan mekaar onderdanig te wees in die huwelik asook om moeders van kinders en helpers vir hulle mans te wees. Die ganse menslike gesin sal *toenemend agteruitgaan* en daarom sal hele beskawings *vernietig* word en in algehele verwarring verkeer. Die woord “Babilon” beteken “*verwarring!*” Dit is die woord wat God regdeur die boek van Openbaring gebruik om hierdie algehele stelsel bekend as die “Dier”, te beskryf.

Aan die einde van hierdie tydperk, sal die finale stelsel wat “Babilon” genoem word kragtig afgebreek word: “Geval, geval het die groot Babilon, en dit het

geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid” (Openbaring 18:2-3). Terwyl Hy hierdie toekomstige invloedryke en opwindende militêre, politieke en ekonomiese stelsel beskryf, sê God aan Sy ware volgelinge: “Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaes ontvang nie” (vers 4).

Hierdie skandelige en demoniese stelsel wat binnekort sal verrys, staan as die “Dier” bekend. Die leier hiervan – wat ook die “Dier” genoem word – sal deur 'n *vals profeet* bygestaan word wat deur “tekens” in staat sal wees om *die hele wêreld te mislei*. Aan die einde openbaar God hulle aaklige lot: “En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand” (Openbaring 19:20).

Hierin en in so baie ander Skrifgedeeltes, openbaar God dat Hy uiteindelik “genoeg gehad” het van hierdie vieslike stelsel en sy twee leiers – die “Dier” en die vals profeet. Hulle sal **tot 'n ewige dood** in die poel van vuur **verbrand word!** Intussen gaan Satan voort met die *vernietiging* van die menslike gesin deur sy invloed van 'n heeltmaal verkeerde benadering tot seks en die huwelik en deur die *direkte moord* van al hoe meer miljoene babas, in 'n praktyk wat bekend staan as

“aborsie”! Satan is baie slim deur die mensdom te beïnvloed om “woordspeletjies” te speel in die manier waarop hulle probeer om hulle walglike dade te beskryf. So *beskryf* hulle dikwels *aborsie* as 'n “vrou se gesondheidsbesluit” of iets dergelyks.

Wat hulle *u nie vertel* nie, is dat hierdie “gesondheidsbesluit” die **dood** van 'n ontwikkelende mensie behels wat na die beeld van God gemaak is – 'n hulpelose klein kindjie wat uitgewis word deur die brein uit te suig, terwyl dit nog in die skoot van die moeder is! Toekomstige geslagte sal op hierdie praktyk terugkyk as absolute *barbaarsheid*! Ons hedendaagse samelewing hou daarvan om aan hulleself as “modern” te dink – nie soos die antieke Romeine wat pasgebore babas aan die elemente blootgestel het om te sterf nie – maar ons **vermoor** doelbewus ons eie klein kindertjies en doen baie ander verskriklike dinge (onder die invloed van Satan), wat uiteindelik die *menslike lewe sal vernietig*. Daarom word Satan se uiteindelige *doel* om die mensdom te vernietig ondersteun wanneer ons ons deel doen deur hom te help terwyl hy ons van ons bestemming weglei.

Satan se skelm misleidings

Een van die slimste maneuvers wat Satan gebruik, is om mense te probeer oortuig dat homoseksuele mense nie “kies” om so te word nie. Die idee is eerder dat hulle so as homoseksuele “gebore” word en daarom *hulleself nie kan help* nie. Hierdie idee is natuurlik vir alle eerlike mense aanloklik en maak dat hulle bereid is om die perverse praktyke te aanvaar wat hulle andersins sou *verwerp* het!

Die beste wetenskaplikes en dokters wat betrokke is, het feitlik **almal** erken dat daar geen “homoseksuele gene” is nie! Ja,

'n paar artikels en televisie- en Internet-verslae *impliseer* of sê direk die teenoorgestelde! Hulle vertel egter **leuens**! Die oorgrote meerderheid van mense wat hierdie dinge beweer, *weet van beter*. Soos Josef Goebbels, Hitler se propaganda-man, ewe berug gesê het: “As u 'n groot genoeg leuen vertel en aanhou om dit te herhaal, sal mense dit uiteindelik glo”!

“'n Toonaangewende pro-familie groep het 'n feiteblad oor alternatiewe lewensstyle saamgestel as 'n middel om mense op te voed dat hulle nie 'homoseksueel gebore' is nie.

Randy Thomasson verduidelik dat *Save Californië.com's 'Not Born This Way'* webblad daarop gemik is om individue die waarheid oor alternatiewe seksuele oriëntasies te leer. Die blad verskaf feite oor LGBT (*lesbian, gay, bisexual, and transgender*) lewensstyle, sowel as wetenskaplike navorsing wat die gewilde aanspraak betwis dat mense homoseksueel gebore word.

'Sonder enige betroubare getuienis, het die vermaaklikheidskultuur, die ongeletterde media en homoseksuele aktiviste vandag se tieners in die besonder mislei om te glo dat mense homoseksueel gebore word', erken Thomasson. 'Die wetenskap vind nogtans geen biologiese basis vir homoseksualiteit, bi-seksualiteit of trans-seksualiteit nie'.

Oor die algemeen, sê die pro-familie groep, het die homoseksuele lewenstyl 'n hoër voorkoms van kanker, seksueel-oor-draagbare siektes en vroeë sterftes, as dié wat onder hetero-

seksuele mense gevind word. Hy merk ook op dat die *American Psychological Association* sy verklaring dat mense 'homo-seksueel' gebore word, verander het en erken dat daar geen 'homo-seksuele gene' is nie” (*onenewsnow.com*, 26 Junie 2012).

'n *Baie* belangrike aspek van Satan se misleidings en **leuens** is dat hy die hoofstroom media beïnvloed om inligting oor die **geweldige skade** wat homoseksualiteit meebring grootliks as onbelangrik af te maak of om direk *verkeerde* inligting oor te dra! Die waarheid van die saak is – soos die meeste homoseksuele “kenners” self erken – dat homoseksuele mense gemiddeld **baie jonk sterf**. 'n Baie insiggewende verslag van die *Family Research Institute* (Februarie 2009) stel dit so:

“In 'n baanbrekerstudie is 6,737 doodsberigte uit 18 van die VSA se homoseksuele tydskrifte gedurende en na die hoogtepunt van die Vigs-epidemie (13 jaar in totaal) vergelyk met 'n groot steekproef van doodsberigte uit gewone koerante. Doodsberigte uit gewone koerante was soortgelyk aan die Amerikaanse gemiddeldes vir langslawendheid: Die gemiddelde ouderdom van sterftes van getroude, nooit-gekeide mans was 75 jaar en 80% van hulle het oud gesterf (ouderdom 65 jaar of ouer). Vir ongetroude of gekeide mans was die gemiddelde sterfouderdom 57 jaar en 32% van hulle het oud gesterf. Ge-roude, nooit-gekeide vroue was gemiddeld 79 jaar oud by afsterwe; 85% het oud gesterf. Ongetroude en gekeide vroue se gemiddelde

sterfouderdom was 71 jaar en 60% van hulle het oud gesterf.

Die gemiddelde sterfouderdom vir homoseksuele mense was egter landwyd feitlik dieselfde – oor die algemeen het sowat 2% van hulle oorleef tot bejaarde ouderdom. Indien vigs as die oorsaak van dood aange-teken was, was die gemiddelde ouderdom 39 jaar. Vir die 829 homoseksuele wat aangeteken is dat hulle van iets anders as vigs gesterf het, was die gemiddelde ouderdom by dood 42 jaar en 9% het oud gesterf. Die 163 lesbiërs het 'n gemiddelde ouderdom van 44 jaar by dood bereik en 20% het oud gesterf.

Selfs toe vigs na bewering nie betrokke was nie, het homoseksuele persone gereeld 'n vroeë dood tegemoet gegaan. Drie persent van 'homoseksuele' persone het gewelddadig gesterf. Hulle was 116 keer meer geneig om vermoor te word (in vergelyking met die nasionale moordsyfers), veel meer geneig om selfmoord te pleeg en het 'n hoë verkeersongeluk sterfesyfer. Hartaanvalle, kanker en lewerversaking was besonder algemeen. 18% van lesbiërs het deur moord, selfmoord, of ongelukke gesterf – 'n koers wat 456 keer hoër is as dié van blanke vroue tussen die ouderdomme van 25-44 jaar” (*familyresearch inst.org*).

Die gevolge van goddelose gedrag

Ons moet verseker die **gevolge** van homoseksuele en lesbiërs se perverse gedrag in oorweging neem. Jesus Christus het Self gesê: “So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken”

(Matthéüs 7:20). Die “vrugte” of die *resultate* van die mensdom se verdraaide gedrag dui beslis daarop dat homoseksuele gedrag tot verskriklike *siektes*, *menslike lyding* en voortydige **dood** lei.

Aangesien Satan die opperste leuenaar en “vader van die leuen” is (Johannes 8:44), het hy geen gewetenswroeging om sy verwarde dienaars te beïnvloed om gedurig 'n **leuen** te herhaal nie – om sodoende die mensdom op so 'n basiese punt te mislei – wat die *hele bestaan* van die mensdom in die toekoms raak! Hy wil die *mensdom vernietig*. Dus sal hy die mensdom verwar oor *alles* wat te betrekking het op seks, man-vrou verhoudings, die huwelik, die opvoeding van kinders en ander fasette om 'n gelukkige en suksesvolle lewe te leef.

Baie mense het natuurlik 'n “neiging” om alkoholiste te word, om vetsugtig te word, of om een of ander gebrek of abnormaliteit te hê as gevolg van die genetiese strukturering wat hulle van hulle ouers oorgeërf het. Hulle kan ongesonde gedrag op 'n baie jong ouderdom aanleer. Hulle is egter nie “geskep” om iets teen God se wil te doen nie – **nooit** nie. God se geïnspireerde Woord maak dit baie duidelik: “Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra” (1 Korinthiërs 10:13).

My vriende, *indien* die Almagtige God vir Satan toelaat om voort te gaan om ons mense met al die propaganda en intellektuele “gemors” te bombardeer wat seks en die huwelik aanbetref, sal Satan sy **einddoel** bereik – die **vernietiging van die hele menslike ras!** Dit is *noodsaaklik* dat u

almal dit verstaan.

Namate die mensdom hom toenemend van God Almagtig en Sy geopenbaarde lewenswyse distansieer, sal ons al hoe meer **gewelddadig** raak. Al hoe meer plaaslike oorloë en 'n uiteindelijke **wêreldoorlog** sal uitbreek. Onder Satan se invloed sal die mensdom *homself uitwis* in verskriklike oorloë wat sal ontstaan. Ons Almagtige God beskryf hierdie komende tyd van afgryse en hoe *Hy sal ingryp* voordat dit te laat is. Ons lees in Sy geïnspireerde Woord: “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Matthéüs 24:21-22).

Gelukkig, deur Jesus Christus na hierdie aarde as Koning van die konings terug te stuur (Openbaring 11:15), sal die grote God van die skepping Satan *oorwin* en sy voorneme heeltemal stop om menselewe op hierdie planeet uit te wis!

'n Wonderlike en werklik regverdige *wêreldregering* sal binnekort na Christus se Wederkoms in die “laaste dae” gevestig word. God se Woord vertel aan ons, “Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE ... dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die **wet** uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspraak vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Miga 4:2-3). Esegieël openbaar ook besonderhede van wat God sê oor hierdie komende tyd: “En Ek

sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my **insettinge** wandel en my **verordeninge** onderhou en doen" (Eségiël 36:27).

Onder die "insettinge" wat die hele wêreld sal leer om te gehoorsaam is die direkte opdrag: "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel. En jy mag met géén dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur te verontreinig nie. 'n Vrou mag ook nie voor 'n dier gaan staan om daarmee te doen te hê nie. Dit is 'n gruwelike vermenging. Verontreinig julle nie deur al hierdie dinge nie, want deur al hierdie dinge is die heidene verontreinig wat Ek voor julle uit verdryf" (Levitikus 18:22-24). Hierdie is die onderwysing van ons Skepper – die grote God wat ons manlik en vroulik *geskape* het. Jesus sê dus: "Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees" (Matthéüs 19:5).

In ons eertydse belydende "Christelike" nasie, het ons nogtans verwarde regters en ander aangestelde hoofde van verskeie buro's en departemente regoor hierdie land wat die leerstellings van hulle Skepper as 'n **misdaad** beskou! Ons lees of hoor byna daagliks op die nuus van opregte predikante, regters of sakelui wat *gedwing* word om op een of ander manier te berus by die beslissing om die absoluut **veragtelike** praktyke *te ondersteun wat direk in die Bybel veroordeel word!* In verskeie voorheen "Christelike" nasies word die verkondiging van God se waarheid soms as 'n **misdaad** beskou.

Nou toe nou!

Net in die afgelope 15 tot 20 jaar het die "god" van hierdie

wêreld – Satan die duiwel – die *denke van mense so verdraai* dat hulle *presies die teenoorgestelde* glo as wat hulle 'n paar jaar gelede geglo het! Om die omvang van wat werklik besig is om te gebeur duideliker te begryp, skakel ons of skryf onmiddellik aan ons en vra u **gratis** eksemplaar aan van ons baie insiggewende en skokkende boekie met die titel *Satan se Vervalste Christendom*. Dit sal u oë *oopmaak!*

My vriende, ons moet *almal* leer om "die kolletjies met mekaar te verbind"! Namate hierdie toenemende voorvalle van veldbrande, aardbewings, orkane, droogte, siekte-epidemies en verskeie ander **plae** op ons toesak, behoort ons *liever bereid te wees* om te erken dat die Skepper van hemel en aarde sal ingryp soos Hy gesê het Hy sal! Lank voordat Al Gore of selfs President Obama ooit van "aardverwarming" of "klimaatsverandering" gepraat het, het ons Skepper herhaaldelik – deur *talle profesieë* in Sy geïnspireerde Woord – voorspel dat verskeie plae Sy volk sou tref **indien** hulle hulle van gehoorsaamheid aan Sy gebooie en insettinge sou distansieer. Die Almagtige God het aan ons voorvaders gesê: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my **insettinge verwerp** en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: Die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet ... En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig

weens julle sondes te tugtig. En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper. En julle krag sal tevergeefs verbruik word, want julle land sal sy opbrings nie gee nie, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie" (Levitikus 26:14-16, 18-20).

Kort voor lank sal God begin om **kragtig** "die aandag" van opstandige mense "te verkry". Hulle sal tot die besef kom dat "iets aan die gang is". Uiteindelik sal God die nasies in die hele wêreld op 'n manier **skud** wat Hy nog nooit voorheen gedoen het nie! Sy geïnspireerde Woord sê: "Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as hulle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek. Toe het sy stem die aarde **geskud**; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel **bewe**. En hierdie woord: Nog een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as *geskape dinge*, sodat die onwankelbare kan bly" (Hebreërs 12:25-27).

Die geamuseerde "grimlag" sal binnekort van die gesigte van die rebelse mensdom afgevee word wanneer hulle sien hoe die Skepper ingryp om die vleeslike nasies van hierdie wêreld tot hulle sinne te **skud!** U hoef egter nie een van dié te wees wat in opstand is nie. Tree nou op en moenie toelaat dat Satan u gesin en sy God-geïnspireerde waardes vernietig nie. Bid daagliks vir Christus se Wederkoms. *Mag God daardie dag bespoedig!* **W&M**

Dagga by 'n wettige kruispad?

Deur Stuart Wachowicz

Volgens vele internasionale maatstawwe word Kanada dikwels geloof as een van die beste plekke in die wêreld om te woon. Verslae praat van goeie vooruitsigte vir indiensneming, onderwys, mediese sorg en 'n lewensstyl, alles binne grense wat ruim en aanloklik is. Ten spyte van hierdie baie voordele, soek 'n groot persentasie van die bevolking ontsnapping in die gebruik van gedagte-veranderende dwelms. Hennep of dagga is die onwettige middel wat die meeste in Kanada gebruik word.

'n Groeiende kommer?

Die omvang van dagga-gebruik is kommerwekkend. 'n 2014 verslag verklaar: "Die aantal jeugdige (22%) en jong volwassenes (26%) wat in 2013 dagga gebruik het, was meer as twee-en-'n-half keer dié van volwassenes van 25 jaar en ouer (8%)" (*"Marijuana and Youth", Canadian Centre on Substance Abuse*).

Hoewel baie mense dagga verkeerdelik as skadeloos beskou, het die *Partnership for a Drug Free Canada* vir jare al betroubare wetenskaplike studies aangebied wat die gevare en die maatskaplike en ekonomiese koste van hierdie dwelm bewys. Ten spyte van gesondheidsdeskundiges se onderskrywing van hierdie studies, dryf maatskaplike druk nogtans die politieke agenda na

die wettiging van hierdie gevaarlike dwelm. Politieke magte aan die linkerkant het saamgesnoer om hierdie doel te bereik en beweer dat die wettiging en regulering beter beheer sal meebring as om 'n verbod te handhaaf.

Wie is reg? Is kommer oor hennep (cannabis) ongegrond? Baie mense aanvaar sekerlik dat, as die gebruik van dagga so wydverspreid is, dit nie baie skadelik vir die samelewing behoort te wees nie. Volgens die *Canadian Centre on Substance Abuse* (*ibid.*) het die Kanadese jeug die hoogste syfer van daggagebruik van enige land in die ontwikkelde wêreld.

Sommige entoesiaste propageer die gebruik van dagga vir "mediese" doeleindes, hoewel die meeste mediese kenners skepties is. Let op hierdie 2014 verklaring van die Kanadese Mediese Vereniging:

"Die KMV glo nog dat daar onvoldoende wetenskaplike bewyse beskikbaar is om die gebruik van dagga vir kliniese doeleindes te ondersteun. Hulle is ook van mening dat daar onvoldoende gegewens oor kliniese risiko's en voordele is, met inbegrip van die behoorlike dosis om dagga te gebruik en oor die potensiële inter-

aksies tussen hierdie dwelm en ander medikasies" (*"New 'Marijuana for Medical Purposes Regulations': What Do Doctors Need to Know?"*).

In 'n brief waarin die groep se standpunt aan die Kanadese Minister van Gesondheid verduidelik word, stel die KMV dit eweneens dat daar "min bewyse ten opsigte van die doeltreffendheid van dagga is" (*"Letter to Minister Aglukkaq"*, 28 Februarie 2013).

In 2015 het die *Edmonton Journal* oor navorsing van die Kanadese Sentrum vir Dwelmmisbruik berig: "Tieners wat vroeg begin dagga rook en dit dikwels doen, stel die verlaging van hul IK-tellings in gevaar ..." Die artikel gaan voort: "Die groeiende aantal bewyse oor die uitwerking van daggamisbruik tydens adolessensie is 'n rede tot kommer', sê Amy Porath-Waller, die KSD se hoofnavorsers oor die kwessie. 'Ek dink ons behoort baie bekommerd te wees ... Daar is 'n behoefte om vir 'n wyle stil te staan en daaraan te dink dat dit die toekoms van ons land is. Ons wil sekerlik ons jeug voorberei sodat hulle produktiewe lede van die samelewing kan wees in terme van indiensneming. Daar is dus beslis rede dat Kanada bekommerd behoort te wees oor daggagebruik (cannabis) onder jong mense.' Sy gaan voort: 'Ewe

kommerwekkend is die persepsie onder baie Kanadese jeug dat dagga heilsaam is en geen uitwerking op hulle vermoë om te bestuur of hulle prestasie in die skool sal hê nie” (“*Teen pot use can lower IQ: study*”, 15 April 2015).

“Waar daar 'n rokie trek ...”

Volgens 'n Kanadese Sentrum oor Dwelmmisbruik beleid se inligtingstuk, koppel kliniese bewyse die gebruik van dagga aan kognitiewe inkorting en 'n verhoogde risiko van psigose (sielsiekte) – 'n risiko wat met gebruik op vroeë ouderdom toeneem en hoër vlakke met gebruik bereik. Die inligtingstuk waarsku ook: “Ondervinding in die VSA dui daarop dat die afname in regulering, met inbegrip van buigsame reëlings vir persoonlike of aangewese produsente en kleinhandelverkope, geneig is om tot die verhoogde tempo van diversie [misbruik] te lei” (“*Marijuana for Medical Purposes*”, 15 Julie, bl. 8).

Die *Partnership for a Drug Free Canada (PDFC)* opper ander mediese kwessies. Byvoorbeeld, daggarokers vertoon baie van dieselfde simptome as tabakrokers. Dit kan abnormale voorkoms van borsverkoue, verhoogde hoes en slymproduksie insluit. 'n 2015 PDFC verslag lui: “Afgesien van die THC-inhoud, is die hoeveelheid teer wat deur daggarokers ingeasem word en die vlak van koolstofmonoksied wat geabsorbeer word, drie tot vyf keer hoër as onder *tabakrokers*” (“*Marijuana*”).

Sommige dokters wys daar-

op dat die warmer verbrandings-temperatuur ook kan lei tot verhoogde verlies van die trilhaartjies in die longe wat weer kan lei tot siektes soos emfiseem. Dit is interessant om daarop te let dat die Kanadese Kankervereniging reeds vir jare al 'n veldtog teen die rook van tabak voer en wydverspreide openbare steun verwerf het – nogtans is dit dieselfde mense wat verstandige rook van tabak teenstaan, wat dikwels wil voorgee asof hulle nie omgee dat hulle in dagga 'n stof het wat baie maal dodeliker vir die menslike long is nie.

Ons het gesien dat mediese verenigings die gebruik van die sogenaamde “mediese dagga” teenstaan omdat daar geen vaste kliniese bewyse is dat die dwelm effektief is nie. Vereiste dosisse vir spesifieke kwale is nie nagevors nie, konsentrasie van die aktiewe bestanddeel THC wissel met plantmonsters (en maak dosisse onmoontlik om te bepaal) en daar is die negatiewe nuwe-effekte wat verslawing insluit. Vir diegene wat op die mediese voordeel van THC aandring wys dokters daarop dat dosis beheerde, noukeurig afgemete medikasie reeds bestaan: Dronabinol (Marinol®) en nabilone (Cesamet®). Dokters kan reeds enigeen van hierdie medikasies voorskryf. Dus, waarom is daar so 'n uitroep vir mediese dagga? Kan dit wees dat die goedgekeurde, klinies gemoniteerde medikasie toelaat dat die THC op die liggaam inwerk, *maar nie aan die gebruiker 'n bedwelming gee nie?*

'n Belangriker doel

Politieke leiers behoort deur 'n besef aangespoor te word van wat goed is vir die mense, maar diegene wat groepe wat net genotsugtige plesier soek probeer behaag – of wat moontlik entrepreneursbelange het om die produk in glansverpakking op winkelrakke te sien – mag meer geïnteresseerd wees in hulle eie welsyn as dié van die nasie.

Daggagebruik is onwettig in Kanada vir 'n goeie rede: Dit is skadelik vir die gebruikers en die nasie. Dit en ander soortgelyke dwelms (en ander wat selfs meer dodelik is) beroof die individu van potensiaal en laat verlore drome en verpletterde lewens agter.

Dit is tragies wanneer mense, jonk of oud, “'n staat van *bedwelming*” beskou as hulle belangrikste plesier in die lewe. Sulke mense leef sonder om van die doel vir hulle menslike bestaan kennis te dra. Daar is egter so 'n doel wat geken en bereik kan word. Ons nugter menslike verstand is 'n skat, skitterend deur 'n grote Skepper ontwerp – een wat beplan is om aan die mensdom 'n ontsagwekkende toekoms te bied, met potensiaal waarvan nie in die menslike sfeer gedroom kan word nie. Vir meer inligting kan u ons gratis boekie aanvra, *Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daar uitsien?* Geen chemiese middel wat aan die mensdom bekend is kan begin om die wonderlike gevoel van vervulling te verskaf wat God aan diegene beskikbaar sal stel wat leer om plesier te put uit 'n lewe volgens Sy lewenswyse nie. **WvM**

'n Doelgerigte bestaan

Deur Gerald Weston

*Terwyl Charles Darwin sy tesis **On the Origin of Species** geskryf het, het dit die deur geopen vir geloof in 'n doellose bestaan. As gevolg van Darwin se teorie behoort ons vandag nie verbaas te wees dat so baie mense met geen groter verwagting en hoop leef as om gelukkig te wees voordat hulle ophou om vir ewig te bestaan nie!*

Indien lewe 'n toevallige en tydelike uitbarsting tussen ewighede van niksheid is, waarom behoort enigiets saak te maak? Dwelmmisbruik, geweld, perversie en alle vorme van selfsug, indien niks blywend is nie, indien niks permanent is nie, indien niks ware betekenis het nie, waarom behoort dit saak te maak wat enigiemand doen?

Die apostel Paulus het die gevolge van so 'n futiele en kortsigtige wêreldbeskouing verstaan toe hy in 1 Korinthiërs 15:32 geskryf het: “As ek in Éfese op menslike wyse met wilde diere geveg het, watter voordeel was dit vir my? As die dode nie opgewek word nie, **laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons!**”

Een feit is seker: Indien Darwin en sy volgelinge reg is, kan die lewe geen permanente, volhoubare betekenis hê nie! Aan die ander kant, indien Darwin verkeerd is en daar is 'n ware Skepper-God, dan is dit nodig dat ons daardie Skepper se uitsonderlike doel vir ons ontdek.

In hierdie artikel sal ons kortliks een manier bespreek waarin Darwin se teorie gebrekkig is en wys hoe daardie teorie op wêreldse godsdiens gebaseer is wat die mens se wêreldbeskouing verander het

en kortliks wys wat die Bybel oor die onderwerp van doel te sê het. Ja, ons is die gevolg van 'n doelbewuste skepping – kennis van daardie doel kan u lewe op maniere verander wat Darwin se teorie nooit sal kan doen nie.

Dit is belangrik om aan die begin uit te klaar wat met “Darwinisme” bedoel word. Charles Darwin se teorie het die deur geopen vir die geloof in 'n doellose heelal wat deur toeval ontstaan en ontwikkel het. Met verloop van tyd het wetenskaplikes begin beseef dat sommige van die boutjies en moertjies van Darwin se idees iets kortkom. Derhalwe word terme soos “Neo-Darwinisme” en “moderne evolusionêre sintese” nou gebruik om te verduidelik hoe wetenskaplikes hulle standpunte aangaande die oorspronklike tesis van Darwin verander het. Die grondbeginsel bly egter dieselfde: Alle lewe, volgens hierdie teorieë, is die resultaat van naturalisme, dit wil sê, natuurlike prosesse sonder enige eksterne bron. Of anders gestel, nie eers God of intelligensie kan as die bron van lewe beskou word nie.

Een probleem met die evolusionêre konsep is die gebrek aan bewyse daarvoor. Vreemd, maar die meeste mense

het nooit eers hierdie moontlikheid oorweeg nie en glo blindelings dat die wetenskap volop onweerlegbare getuienisse byderhand het! Na alles, het almal van ons al daardie ewolusiebome in wetenskapboeke gesien, wat die ontwikkeling van een soort lewe vanuit 'n ander vorm van lewe aantoon. Daar is ook foto's van mitiese oorgangsgedaantes tussen reptiele en voëls. Dit is presies die probleem: Dit is mitiese gedaantes en *mitiese lewensbome!* Die feite vertel 'n ander storie.

Wys my die skakels!

Die term *evolusie* beteken dat iets met verloop van tyd verander. Vir een soort kreatuur om in 'n ander soort te ontwikkel, moet heelwat toenemende veranderinge plaasvind. Dit beteken dan dat daar ontelbare tussenstadium fossiele behoort te wees wat maklik gevind kan word, maar dit is nie die geval nie. Michael Denton verduidelik die gebrek aan fossielbewyse: “Indien daar volgens hierdie teorie ontelbare oorgangsvorme bestaan, waarom vind ons dit dan nie in ontelbare getalle in die kors van die aarde vasgelê nie?” (*Evolution: A Theory in Crisis*, Denton, bl. 157). Byvoorbeeld,

daar word aangeneem dat walvisse uit 'n onbekende landsoogdier ontwikkel het, maar hóé kon dit gebeur het? Denton gee 'n verkorte lys van veranderinge wat sou moes plaasvind sodat dit kon gebeur:

“Voorste ledemaat veranderinge, die evolusie van stertpunte, vaartbelyning, die vermindering van agterste ledemate, veranderinge aan die skedel om die neusgate na die bopunt van die skedel te bring, verandering aan die tragea, wysigings van gedragspatrone, gespesialiseerde tepels sodat die kleintjies onder water ge-voed kan word ('n volledige lys sal enorm wees). 'n Mens is geneig om regstreeks in terme van moontlik honderde, selfs duisende oorgangspesies tussen 'n hipotetiese landelike voorouer en die gemeenskaplike voorouer van die moderne walvis te dink” (Denton, bl. 174).

Dit is treffend dat selfs die mitiese landdier waaruit walvisse vermoedelik ontwikkel het onbekend is en nie in die fossielrekords gevind word nie, nog minder in die honderde oorgangsvorme. Dieselfde scenario sou dan afgespeel het tussen reptiele en voëls, visse en landdiere, trouens, vir enige verandering van een diersoort na 'n ander; maar die feit is, **daar is geen oorgangsvorme nie!** Die uiters skaars sogenaamde

voorbeelde in handboeke is presies net dit – veronderstelde voorbeelde. Vir dekades al soek paleontoloë na die “onbekende skakel” tussen die moderne mens en die meer primitiewe primate. Wetenskaplikes erken dat hierdie veronderstelde skakel nie meer langer as 'n lewende spesie bestaan nie, tog kan dit nie in die fossielrekords gevind word nie! Daar is baie primaat fossiele, maar geen spoor van oorgangsvorme – tussengangers – tussen ons en ons veronderstelde voorvaders nie. Tog, vir evolusie om waar te wees, behoort daar so baie intermediêre stappe te wees dat dit die logika uitdaag om in die evolusie van aap tot mens te glo wanneer daardie oorgangsvorme eenvoudig net nie daar is nie!

“Hoewel skadelik, was die afwesigheid van tussengangers in 1860 nie noodlottig nie, want daar was redelike hoop dat daar uiteindelik nog baie daarvan gevind sou word namate geologiese aktiwiteite vermeerder het ... Slegs 'n klein fraksie van die honderdduisend of so fossielspesies wat vandag bekend is, was aan Darwin bekend. Feitlik alle nuwe fossielspesies wat sedert Darwin se tyd ontdek is, is óf nou verwant aan bekende vorme óf, soos die *Paganaphoras*, vreemde unieke tipes van onbekende verwantskap” (Denton, bl. 160-161).

Denton skryf ook:

“Die algehele beeld van lewe op aarde is vandag so onsamehangend, die gapings tussen die verskillende tipes so duidelik dat — soos Steven Stanley ons in sy onlangse boek *Macroevolution* herinner — indien ons kennis van biologie beperk was tot daardie spesies wat tans op aarde bestaan, 'mag ons wonder of die leer van evolusie as iets meer as 'n skandelike hipotese sou kwalifiseer'. Sonder tussengangers of oorgangsvorme om die enorme gapings wat bestaande spesies en groepe organismes van mekaar skei te oorbrug, sou die konsep van evolusie nooit ernstig as 'n wetenskaplike hipotese opge-neem kon word nie” (Denton, bl. 157-158).

Vir die rekord, Steven Stanley is 'n paleontoloog en evolusionêre bioloog, maar hy is nie alleen in die erkenning dat daar 'n probleem met bewyse is nie. Michael Ruse is 'n bekende filosoof, evolusionis en selfgeïdentifiseerde agnostikus. “In 1981 het Ruse in 'n saak getuig waar 'n Arkansas regter beslis het dat die skeppingswetenskap – wat die staat probeer het om in skole in te voer – nie geldige wetenskap is nie, maar 'n ongrondwetlike poging om godsdiensoonderrig in die klaskamer te gee. Die Hooggeregshof het die besluit in

1987 gehandhaaf" (*The Boston Globe*, "Evolutionary War". 1 Mei 2005).

Is dit wetenskap of godsdiens?

'n Paar jaar later verander Ruse egter sy siening aangaande die oorsprong van evolusie. Teen die einde van Maart 1992 het Philip Johnson, professor in regte aan die Universiteit van Kalifornië, Ruse genooi om deel te neem aan wat bekend geword het as die Darwinisme simposium by die Suidelike Metodiste Universiteit. Johnson was 'n bekeerling van die idee dat evolusie 'n gebrekkige teorie is, nadat hy Michael Denton se boek gelees en 'n beduidende figuur in die debat geword het. Ruse, wat as 'n redelike persoon voorgekom het, het die geleentheid verwelkom om die vraag op 'n akademiese vlak en beskaafde wyse te bespreek.

Johnson se bydrae tot die debat was om lig te werp op die feit dat evolusionêre wetenskap **nie** heeltemal 'n objektiewe wetenskap is nie, maar op naturalisme gebaseer is: "'n Filosofie wat 'aanvaar dat die hele natuurryk 'n geslote stelsel van stoflike oorsaak en gevolg is wat nie deur enigiets van "buite" beïnvloed kan word nie"' (Woodward, *Doubts About Darwin*, bl. 95).

Die beleefde gesprek tussen Johnson, Ruse en die ander deelnemers het 'n impak gehad. 'n Jaar later het Ruse by die jaarlikse vergadering van die *American Association for the*

Advancement of Science (AAAS) in Boston gepraat om 'n bydrae te lewer tot "*The New Antievolutionism*" seminaar, wat georganiseer is as teenvoeter vir die nuutgestigte *Intelligent Design* beweging. Sy praatjie was teen die groeiende "Philip Johnson probleem gemik". Hy het met kritiek op Johnson se boek begin, maar wat gevolg het, was nie wat sommige mense wou hoor nie.

"Ruse het onverwags sy gehoor geskok deur te sê dat hy die kwessie van filosofiese uitgangspunte in die afgelope jare bedink het en na sy deelname aan die simposium sy gedagtes op 'n belangrike punt verander het: 'Ek moet erken, in die laaste tien jaar sedert my optrede of verskyning in die skeppingsleerverhoor in Arkansas, het ek self tot hierdie standpunt gekom'. Watter standpunt? Ruse het verduidelik dat veral diegene in die akademie, 'beide histories en miskien filosofies, behoort in te sien dat die wetenskaplik sekere bonatuurlike aannames ingebou het om wetenskap te beoefen – dit is dalk nie 'n goeie ding om in 'n hof te erken nie – maar ek dink eerlik dat ... ons dit behoort te erken'" (ibid., bl. 147).

Ruse gaan voort deur te sê:

"... vir baie evolusioniste, het evolusie

gefunksioneer as iets met elemente wat, laat ons sê, verwant is aan 'n wêreldse godsdiens". Hy was egter nie klaar nie want hy gaan voort: "Evolusie wat verwant is aan godsdiens, behels om te verseker dat voorkeur of bonatuurlike aannames, wat op 'n sekere vlak nie op ervaring bewys kan word nie ... Verder dink ek die manier om met die skeppingsleer te handel, asook die leer van evolusie, is om nie hierdie feite te ontken nie, maar om dit te erken en te sien waarheen ons gaan as ons van daar af aanbeweeg" (ibid.).

Mikrobioloog Michael Behe was ook een van Denton se bekeerlinge. Soos dit in die gewilde video, *Unlocking the Mysteries of Life* weergegee is, verduidelik Behe dat hy vir baie jare evolusie as die waarheid aanvaar het, maar nadat hy Denton se boek gelees het, het hy besef daar was "baie moeilike probleme met Darwin se evolusie waarvoor ek nog nooit gedink het nie en wat niemand in al my studies wat tot my Ph.D. gelei het, die moeite gedoen het om op te noem nie ... Ek het onmiddellik besef dat dit moeilike probleme was en het kwaad geword omdat niemand daarvan melding gemaak het nie. Ek het gevoel asof ek om die bos gelei is om tot 'n gevolgtrekking te kom wat nie regtig die bewysregtelike ondersteuning geniet het soos wat ek gedink het nie".

Die fossielrekord is op die agtergrond geskuif teenoor die nog groter uitdagings vir die teorie van evolusie uit die veld van mikrobiologie, maar die fossielrekords bly steeds 'n groot probleem vir evolusionêre teorieë. Darwin kon 150 jaar gelede verskoon word vir die stel van sy hipoteses ten spyte van 'n gebrek aan fossielbewyse, maar vandag is dit duidelik dat geeneen van die tienduisende of selfs miljoene tussengangers (vermiste skakels) gevind is of gevind sal word nie. Dit is eenvoudig nie daar nie!

'n Doel vir lewe

Dus, wat is Darwin se bydrae tot die wêreld? Darwin se nalatenskap en dié van sy volgelinge wat voortgaan om sy teorie te verdraai, is doelloos.

“Dit was omdat Darwin se teorie die mens se verbintenis met God verbreek en hom losgelaat het in 'n kosmos sonder doel of einde, dat die impak so fundamenteel was. Geen ander intellektuele revolusie in die moderne tyd ... het die mens so diep geraak soos die manier waarop hulle hulleself en hulle plek in die heelal gesien het nie ... Die idee het elke aspek van die moderne denke geraak; en geen ander onlangse teorie het meer gedoen om

die manier waarop ons onself sien en ons verhouding met die wêreld rondom ons te vorm nie ... Die triomf van evolusie beteken die einde van tradisionele geloof in die wêreld as 'n doelgerigte geskape orde, die sogenaamde teleologiese lewensbeskouing wat oorheersend in die Westerse wêreld was vir twee millennia” (Denton, bl. 15, 67).

Toeval kan nie verduidelik of doel verskaf nie. Dit is God wat daardie doel aan die lewe gee, nie evolusie nie. Daar kan geen blywende doel sonder God wees nie, want net God kan lewe anderkant die graf gee. Job het die belangrikste vraag wat ooit gevra kan word gevra en toe die antwoord gegee: “As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflissing kom; U sou roep, en ek sou U antwoord, na die maaksel van u hande sou U verlang” (Job 14:14-15).

Die mens is God se handewerk. Die heel eerste hoofstuk van die Bybel verklaar God se doel vir ons: “En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na

die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape” (Génesis 1:26-27). Ander Bybelse brei op die oorspronklike tema uit. “... soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees ... en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige” (2 Korinthiërs 6:16, 18).

In plaas daarvan om in die grond te graawe in 'n vergeefse soektog na die miljoene vermiste skakels wat eenvoudig nie daar is nie, behoort die mens na bo te kyk en die God wat ons gemaak het te ontdek, wat ons 'n grootse, heerlike en ewigdurende doel bied. 'n Jong skaapwagter seun, wat later koning geword het, het eenkeer toe hy opkyk na die hemel, gepeins: “... wat is die mens dat U [God] aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?” (Psalm 8:5). Die apostel Paulus, wat na hierdie Psalm verwys, gee die antwoord op die vraag en hoe dit met Jesus Christus verband hou. “Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlijkheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak” (Hebreërs 2:10).

Bolangs kan die teorie van evolusie aantreklik lyk. Dit is gewild. Dit is polities korrek. Dit word altyd as gesaghebbend voorgestel, asof dit 'n feit is, terwyl dit baie meer aan 'n

Is u gereed vir Christus se Wederkoms?

Deur Richard F. Ames

Wanneer die hoefslae van die vier ruiters nog vars in die geheue van 'n oorloggeteisterde mensdom is, sal Christus op Sy wit perd terugkeer om 'n sterwende mensdom van die gevolge van hulle eie dwaasheid te red. Sal u daar wees? Sal u by Hom wees?

Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid Openbaring 19:11.

Byna 2,000 jaar gelede het Jesus se dissipels Hom gevra wat die teken van Sy Wederkoms sou wees en die voleinding van die wêreld. Watter tekens en profetiese tendense het Jesus in reaksie daarop genoem? Ons behoort te weet wat die Bybel sê!

Deur die eeue heen het baie mense voorspellings gemaak en datums vasgestel in afwagting op Jesus Christus se Wederkoms. Tot dusver het almal misluk. Beteken dit dat Jesus nie weer sal terugkom nie? Nee, dit is nie só nie! Sedert Adam en Eva se tyd het die mensdom vals profesieë geglo wat deur bedrieërs en huigelaars verkondig is. Dit is egter elke keer bewys dat die profesieë in u Bybel geldig is!

Meer as 100 profesieë in die Ou Testament voorspel Jesus Christus se geboorte. Onder hulle is Jesaja se profesie dat die Messias 'n afstammeling van koning Dawid, die seun van Ísai, sou wees (Jesaja 11:1), dat die Messias uit 'n maagd gebore sou word (7:14), dat Hy in Galiléa sou woon (9:1-2), dat Sy opdrag nie-Joodse nasies sal insluit (42:1-4) en dat Hy saam met goddelose mense sou sterf (53:9). Ander profesieë voorspel dat Hy in

Bethlehem gebore sou word (Miga 5:1), dat Hy vir 30 silwerstukke verraai sou word (Sagaria 11:12-13), dat Hy Jerusalem op 'n esel sou binnegaan (9:9) en dat Hy soos 'n herder sou wees wat geslaan is (13:7).

Daardie profesieë is vervul. Dieselfde Bybel wat Jesus se **eerste** koms voorspel het, voorspel ook Sy **Wederkoms**. Talle gedeeltes in die Ou- en die Nuwe-Testamente profeteer Jesus Christus se Wederkoms. Kyk na wat Jesus Self gesê het: “Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Johannes 14:1-3).

Jesus se eie woorde

Waarom faal so baie mense daarin om Jesus se eie woorde te glo? Hy het gesê: “... sal ek terugkom”. Die profeet Sagaria vertel ons selfs waar Hy sal terugkeer: “En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die

oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide” (Sagaria 14:4).

Die Olyfberg is net oos van die Tempelberg in Jerusalem. Op die suidoostelike helling is 'n ou pad wat na die dorp van Betánië lei. Jesus het saam met Maria, Martha en Lasarus en Sy dissipels tyd daar deurgebring. My vrou en ek het daardie selfde pad van Betánië af na die Olyfberg gestap. Dit het ons ongeveer 'n half-uur geneem.

Wanneer Jesus na die Olyfberg terugkeer, sal daar 'n massiewe aardbewing wees en die berg sal in twee verdeel word. Let op die tydsbepaling: “Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem” (Sagaria 14:1-2). Die leërs van die wêreld sal by Megiddo bymekaar kom en na Jerusalem afgaan om teen Christus te veg met Sy Wederkoms. Openbaring 16:14 noem dit “die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God”

– meer algemeen bekend as “Armageddon”.

Die boek Handeling bevestig ook Christus se Wederkoms. In Handeling 1 het die dissipels Jesus se hemelvaart aanskou. “En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het. Daarop draai hulle om na Jerusalem van die berg af wat genoem word Olyfberg, wat naby Jerusalem is, 'n sabbatsreis ver” Handeling 1:10-12).

Hier het ons drie duidelike skriftuurlike verwysings oor die Wederkoms van Christus gesien – daar is nog baie meer. Onthou die aankondiging van die sewende basuin: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Let ook op hierdie gedeelte uit Openbaring 19: “En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van

die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (Openbaring 19:13-16).

Jesus het gesê dat voor Sy Wederkoms daar vals godsdiens en vals tekens en wonders sal wees wat baie mense sal mislei. Hy het gesê: “Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei” (Matthéüs 24:24). Daar sal kragtige godsdienstige misleidings wees. Nie net 'n paar nie, maar baie mense sal deur vals godsdiens mislei word – selfs valse Christelikheid.

Word u mislei?

Hoe kan u weet wat is waar en wat is vals? U behoort alles wat ons en alle predikers sê, na te gaan deur u Bybel te lees! In gebed tot die Vader, het Jesus gesê: “Heilig hulle in u waarheid. U woord is die waarheid” (Johannes 17:17). God se Woord, die Bybel, is die waarheid! Baie mense aanvaar sonder om seker te maak dat hulle leraar of priester uit die Bybel preek. Baie leerstellings wat gewoonlik as “vanselfsprekend aanvaar word”, is egter nie in u Bybel nie! U behoort aan uself te bewys wat die Bybel sê. Onthou: “Beproof [NV sê 'toets'] alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21).

U hoef nie mislei te word nie. Jesus Self gee die profetiese

tendense en tekens wat Sy Wederkoms sal voorafgaan. U behoort te weet wat dit is. Een van die tekens voor Christus se Wederkoms sal die opkoms van 'n kragtige vals godsdiens met ontsaglike invloed wees. U kan van daardie stelsel lees, wat in Openbaring 17 as “die groot hoer”, bestempel word. Die vals profeet, oor wie die apostel Paulus geskryf het, sal daardie stelsel lei. U kan van die “mens van sonde” in 2 Thessalonicense 2:3 lees. Vir meer besonderhede oor hierdie profetiese beduidende saak, kontak ons streekkantoor wat die naaste aan u is (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) om u gratis eksemplaar van ons boekie, *Wie of Wat is die Antichris?* aan te vra.

'n Ander spesifieke teken waarvan Jesus gesê het ons op die uitkyk behoort te wees, is 'n toekomstige ontheiliging van die heilige plek in Jerusalem. Jesus sê: “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug” (Matthéüs 24:15-16). Let daarop dat die groot valse profeet, die man van sonde, die tempel van God sal ontheilig. Hierdie “gruwel van die verwoesting” is een van die tekens wat Jesus gesê het Sy Wederkoms sal voorafgaan.

Watter ander tekens sal Christus se Wederkoms voorafgaan? Jesus waarsku ons in Matthéüs 24:7 dat daar

“aardbewings op verskillende plekke” sou wees. Hoe kragtig kan aardbewings wees? Die geskiedkundige Mississippi Vallei-aardbewing wat op 16 Desember 1811 naby New Madrid, Missouri plaasgevind het, het werklik die loop van die Mississippi-rivier omgekeer! In Julie 1976 het soveel as 779,000 mense in die Tangshan-aardbewing in China gesterf. In die Desember 2004 Sumatra-aardbewing en gevolglike tsoenami het meer as 230,000 mense gesterf. In Januarie 2010 het meer as 220,000 mense in 'n aardbewing van 7,0 gesterf, meer as 300,000 mense is beseer en soveel as 'n miljoen Haïtiane is haweloos gelaat. So moeilik as wat dit is om daaraan te dink, openbaar die Skrif dat daar selfs nog kragtiger aardbewings in die toekoms sal wees, selfs in streke waar dit nog nie voorheen ervaar is nie.

Die boek Openbaring maak melding van verskeie kragtige aardbewings. Na twee-en-'n-half jaar van die Groot Verdrukking waarvan Jesus in die Olyfbergpredikatie gespreek het, lei die hemelse tekens – die sesde seël van Openbaring – die Dag van die Here in. Let op wat gebeur: “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed” (Openbaring 6:12).

Hierdie aardbewing, saam met die astronomiese natuurverskynsels, lei die Dag

van die Here in – die jaar wat Christus se Wederkoms voorafgaan. “[E]n die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Openbaring 6:13-17). Ja, die aarde sal in beroering wees gedurende die Dag van die Here wat hier beskryf word as “die groot dag van sy toorn”. Dit sal 'n tyd van God se oordeel oor die nasies wees.

God se waarskuwing

Let op na wat God sê met die aarde en die hemel sal gebeur. Die skrywer van Hebreërs gee aan ons opdrag: “Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as hulle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek. Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een

maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. En hierdie woord: nog een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly. Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur” (Hebreërs 12:25-29).

Ons Vader in die hemel wil die beste vir elkeen van ons hê. Hy gee aan die vleeslike mensdom 6,000 jaar en Hy gee aan elkeen van ons individueel 'n leeftyd om te leer. Indien ons op God se waarskuwings ag slaan, kan ons die verskriklikste straf wat nog op ons Westerse nasies en uiteindelik op die hele wêreld uitgestort sal word, vryspring.

Droogte is nog 'n tendens waaroor die Bybel ons waarsku. Wêreld temperature is besig om op dramatiese wyses te verander. Australië het onlangs uit sy ergste droogte in meer as 100 jaar gekom en sommige kenners voorspel 'n voortdurende herhaling van droogtes oor die volgende 20 tot 30 jaar. “Droogtes kan die land twee keer so dikwels as nou tref, 'n gebied twee keer so groot dek en erger wees in sleutel landbouproduksie areas” volgens 'n verklaring wat uitgereik is deur Australië se Buro van Meteorologie en CSIRO (Commonwealth Scientific and Industrial Research Organization).

Tans ondervind die westerlike kus van die Verenigde State ongekende droogte, met ernstige waterrantsoenering wat veroorsaak dat die welige groen Kalifornië bruin word. Dele van Texas wat reeds lank onder ernstige droogte gebuk gaan, sit nou met 'n probleem wat algemeen is in gebiede waar reën tydens droogte val – die erge oorstromings wat plaasvind wanneer die verskroeiende land nie die water wat daarop val kan absorbeer nie.

Tensy ons heelhartig na God draai, sal ons wêreld selfs nog ernstiger weerverwante uiterstes ervaar. Die Skepper God het hierdie waarskuwing deur die profeet Amos gegee: “Alhoewel Ék die reën van julle teruggehou het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE” (Amos 4:7-8).

Ongelooflik soos dit mag lyk, verkondig sommige denominasies nou dat die “laaste dae” wat in die Skrif vermeld word, vir “twee jaar of tweeduisend jaar of twee miljoen jaar mag voortduur”. Die implikasie is dikwels: “Moenie Bybelprofesie bestudeer nie, dit is net 'n afleiding”. Sulke verklarings ignoreer die ware opdragte van ons Verlosser. Net

nadat Jesus van Sy Wederkoms gepraat het, sê Hy: “En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur” (Matthéüs 24:32-33)! Jesus verwag van Sy ware volgelinge om kennis te dra van hierdie tekens.

Oorlog en wêreldvernietiging

Jesus het voorspel dat voor Sy Wederkoms, daar “oorloë en gerugte van oorloë” sal wees (Matthéüs 24:6). Skeptici en spotters mag uitwys: “Daar was nog altyd oorloë!” Inderdaad, die mensdom het selde vrede geken; dit is bekend dat die geskiedkundiges Will en Ariel Durant in hulle boek van 1968, *The Lessons of History*, sê: “In die laaste 3,421 jaar van opgetekende geskiedenis het slegs 268 jaar geen oorlog gesien nie” (bl. 81). In ons moderne tye is daar egter 'n verskil – net in die laaste 70 jaar of so beskik die mensdom oor die tegnologie, deur kern-, chemiese- en biologiese wapens, om alle lewe op die planeet Aarde te vernietig. Wanneer u die beskrywings van eindtydse oorlogvoering in die boek van Openbaring lees, sien u dat in die eindtyd, oorloë nie net streekverwant sal wees nie; die hele wêreld sal betrek word.

Ja, daar was nog altyd spotters, maar dit is **nou** die tyd om wakker te word en aandag te skenk aan wat in die wêreld gebeur. God het met die profeet

Eségiël oor die skeptici en spotters gepraat. “Mensekind, wat is dit vir 'n spreekwoord wat julle het in die land van Israel, naamlik: Die dae gaan voort, en van al die gesigte kom niks nie” (Eségiël 12:22). Wat sê God oor die mens se skeptisisme? “Daarom, sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Ek maak 'n einde aan hierdie spreekwoord, sodat hulle dit nie meer as spreekwoord in Israel sal gebruik nie. Maar sê vir hulle: Die dae is naby, en die woord van elke gesig” (vers 23).

Die tyd kom wanneer God meer dramaties as ooit tevore sal ingryp. Wetenskaplikes, staatsmanne en wêreldleiers het ons gewaarsku aangaande die baie gevare wat lewe op die aarde kan beëindig. Daardie waarskuwings het nie van godsdienstige mense gekom nie, maar van kundiges wat vertrou is met die werklikhede van ons moderne wapens van massavernietiging en die geskiedenis van die menslike natuur. Die belangrikste waarskuwing kom egter van die Verlosser van die wêreld, Jesus Christus. Hy het gesê: “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Matthéüs 24:21-22).

Dank God dat daardie dae verkort sal word. Jesus Christus sal terugkeer om die mensdom

van selfvernietiging te red. Hy sal die Koninkryk van God op aarde inlei. Al die nasies sal uiteindelik die ware manier na blywende vrede, voorspoed en versoening aanleer. Jesus sê

aan ons “Waak dan en bid altyddeur” (Lukas 21:36). Mag ons almal geestelik waaksaam wees vir die tekens van Jesus Christus se Wederkoms. Dan kan ons met vertroue, hoop en

geloof na Sy Wederkoms uitsien. Dank God dat Sy Koninkryk gaan kom. Dank God dat Jesus Christus binnekort sal terugkeer om ons te red! **W.M.**

Hoeveel is genoeg?

Deur J. Davy Crockett III

Het u onlangs u prioriteite ondersoek?

'n Gewilde radio- en televisie persoonlikheid het onlangs melding gemaak van 'n gesprek wat hy met 'n bekende miljardêr-filantroop gehad het. Terwyl hulle oor die uitgebreide landgoed van die ryk man gestap het, het die onderhoudvoerder 'n belangrike vraag gevra: “Hoeveel is genoeg?” Hierdie persoon met groot rykdom, het die punt gemaak dat indien mense nie weet “hoeveel” hulle wil verdien of verwerf nie, dan behoort hulle te weet ... dat hulle nooit “genoeg” sal hê nie.

Die soeke na rykdom kan 'n wrede en veeleisende meester wees. Ons as menslike wesens met fisiese behoeftes het sekerlik ons deel om te doen. Die klem wat ons plaas op die verdien van 'n inkomste en om rykdom te vergader het baie te doen met ons gevoel van tevredenheid en vervulling. Ons Hemelse Vader erken dit en die Bybel bevat Sy opdrag oor die onderwerp. Salomo byvoorbeeld, wat met ongelooflike rykdom geseën was, het hierdie woorde opgeteken: “Vermoei

jou nie om ryk te word nie, laat staan jou slimheid”! (Spreuke 23:4). Hy het verder bygevoeg, “'n Betroubare man is ryk aan seëninge; maar hy wat haastig is om ryk te word, sal nie ongestraf bly nie” (Spreuke 28:20).

Genoeg skatte

Dit is duidelik dat die verkryging van rykdom nie verkeerd is nie, maar ons gesindheid teenoor rykdom kan 'n probleem wees. Ons is dikwels geneig om mense te oordeel op grond van hulle fisiese uiterlike vertoon, soos hulle huis, motor, klere, ens. Jesus waarsku duidelik teen 'n veroordelende gesindheid. “En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie” (Lukas 12:15).

Terwyl Hy aan Sy volgelinge verduidelik het dat ons Hemelse Vader weet wat ons nodig het en dit aan ons voorsien, het Jesus gesê, “Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde,

waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie” (Matthéüs 6:19). Hy het voortgegaan: “Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie” (vers 24). Ten slotte het Hy gesê: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Matthéüs 6:33). Dit is dus 'n kwessie van prioriteite. Voordat ons rykdom najaag behoort ons God en ons medemens eerste lief te hê, indien ons God wil behaag. Die tipiese voorskrif oor die onderwerp kom van die apostel Paulus aan Timótheüs. “Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees. Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van

Vervolg op bladsy 26

Die werke van (Sy) ons hande Kan ons ons menslikheid oorskry?

Deur Wallace G. Smith

Hoewel die Skepper God die mens na Sy eie beeld geskape het, het 'n toenemende aantal mense besluit dat dit vir die mensdom tyd is om beheer van sy eie lot oor te neem en die beperkings te oorskry wat al lank as integrale deel van 'n "menslike wese" beskou word.

Die filosofie van "transhumanisme" het beide professionele navorsers en motorhuis "biokuberkrakers" geïnspireer om verby die mensdom se duidelik biologiese perke te dring om die mens tot iets *meer* as 'n mens te herskep.

Deur medisyne en voeding, deur middel van vooruitgang in tegnologie en ingenieurswese, of selfs deur middel van direkte genetiese of biologiese verandering van die menslike fisiologie en anatomie, is die wedloop aan die gang om 'n nuwe soort mens te skep – sterker, slimmer, vinniger en met lewensduurtes wat dié van vandag se nietige sterflinge ver oortref.

Kan ons dus *regtig* ons spesie hervorm en ons menslikheid oortref? Indien wel, *behoort* ons dit te doen?

Ewige (fisiese) lewe?

Kan mens deur medisyne en wetenskap dié soort lewensduur herwin wat vroeër deur Adam en Metúsagal geniet is? Een belangrike aspek van die transhumaanse beweging

behels 'n *lang lewe*.

Wetenskaplikes het onlangs gevalle aangeteken waar diabetese wat die middel *metformin* gebruik, werklik 15% langer geleef het as dié *sonder* diabetes. Hulle is tans besig om die middel vir gebruik as 'n *anti-verouderings*spil vir andersins gesonde mense verder te toets.

Om slegs tien of twaalf jaar by navorsing te voeg is egter "gering" in vergelyking met ander navorsing wat aan die gang is. Wetenskaplikes aan die Universiteit van Suid-Kalifornië was in staat om die selle van suurdeeg tot *tien keer* hulle normale lewensduur te verleng – die ekwivalent van 'n mens wat 700 - 800 jaar leef! As gevolg van die ooreenkomste in genetica, hoop baie mense dat die resultate na mense oorgedra kan word. Soos die studieleier gesê het: "Ons stel die grondslag vir herprogrammering van gesonde lewe" (*USC News*, 14 Januarie 2008).

Baie mense hoop dat met die oorsake van veroudering en siekte wat geïdentifiseer, gekatalogiseer en aangespreek word, vooruitgang in medisyne en wetenskap die mensdom sal toelaat om vir *ewig* te leef terwyl almal liggame, soortgelyk aan dié van 'n jong persoon van 20 tot 25 jaar oud, geniet.

Die bioniese mense tree na vore

Op die gebied van tegnologie, maak die mensdom reeds lankal van sy kapasiteit gebruik vir uitvindings ten bate van gebreke wat deur besering of gestremdheid veroorsaak is. Van eenvoudige krukke en brille, tot robotbeheerde beenstutte vir verlamdes en kunsmatige oë vir totaal blinde mense, probeer ons lankal reeds om in menslike vermoëns in te gryp wat deur tyd of geleentheid verlore gegaan het deur dit te herwin of te vervang.

Die transhumanis probeer nogtans om verder te gaan as om bloot 'n verlore funksie te vervang deur tegnologie te gebruik om in der waarheid menslike vermoëns uit te brei tot *buite* normale beperkings – selfs tot die toevoeging van nuwe "sintuie" of vermoëns wat geen mens van nature het nie. Baie mense sien die permanente toevoeging van hoë-tegnologiese masjinerie tot ons liggaam as 'n manier om die mensdom te help om sy "vooruitgang" te versnel en sy eie volgende stap te kies in wat as sy "evolusie" beskou word. Die wetenskapsfiksie term vir sulke tegnologies-verbeterde individue is 'n "bioniese mens" – tog is "bioniese mense" nie meer beperk tot die gebied van wetenskapsfiksie nie.

Die *London Daily Telegraph* berig oor verskeie "werklik lewende" individue wat hulleself deur tegnologie verander het.

Voorbeelde sluit 'n man in wat 'n kompas onder sy vel laat inplant het om aan hom 'n ingeboude sin van rigting te gee. 'n Ander persoon se prostetiese oog is deur 'n hoë-tegnologiese toestel vervang wat alles wat hy sien koordloos opneem. Iemand anders het rekenaar-skyfies in die weefsel van sy hand in laat plant om aan hom koordlose toegang tot sy rekenaar, motor en huis te verskaf. Die Britse ingenieur, Kevin Warwick, het selfs elektrodes aan die senuwees van sy arm laat heg om hom direk met 'n rekenaar te verbind wat hom toelaat om met behulp van alleenlik sy gedagtes 'n robotarm en rolstoel te beheer. Hy het aan *The Telegraph* gesê: “Ek is menslik gebore, maar ek glo dit is iets waarvoor ons die mag het om te verander” (*The Real Cyborgs*, 20 Oktober 2014).

Moontlik het geen agent-skappe die “transhumanistiese” agenda so heelhartig aangegryp soos militêre groepe in die VSA se *Defense Advanced Research Projects Agency*, wat algemeen as *DARPA* bekend staan nie. In die November 2011 artikel “Supersoldate: *Die soeke na die uiteindelijke menslike moordmasjien*”, beskryf *The Independent* verskeie sulke “supersoldaat” projekte. Dit sluit pille in wat soldate help om op volle kapasiteit vir 'n volle 48 slapelose ure te werk, dwelms wat die geheue verander sodat trauma en skuld verwyder word en 'n harnas wat magnetiese velde aan die brein verskaf om leervermoë en redeneringsvaardighede dramaties te

verbeter. Maatskappye soos Lockheed en Raytheon het futuristiese “huidskelette” ontwikkel – masjiene wat deur soldate aan hulle arms en bene vasgebind word om hulle superkrag en uithouvermoë te gee, wat hulle toelaat om moeiteloos prestasies te behaal soos om 100 kg gewig op te lig en te dra en 16 km per uur te hardloop sonder enige merkbare teken van inspanning.

Wat om van “transhumanisme” te dink

Hoe behoort 'n Christen op sulke pogings te reageer?

Terwyl dit prysenswaardig is om lyding te verlig en geleenthede vir gestremdes te skep, behoort die pogings om die mensdom se beperkings te oortref met 'n deurdagte en versigtige oog beskou te word.

Dit is geen verrassing dat sulke prestasies en selfs meer, binne ons bereik is nie. God het Self by die Toring van Babel opgemerk dat wanneer die mensdom saamwerk “sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie” (Génesis 11:6). Ons weerspieël ons groot Ontwerper en Skepper en daarom is ons vermoë om te ontwerp en te skep so ontsaglik groot!

Daar is nogtans 'n waarheid wat transhumaniste soms heeltemal te onverskillig hanteer: Ons reflekteer *wel* ons Skepper en is *na Sy beeld* geskape (Génesis 1:26)! Om die menslike vorm en ontwerp te minag is om dit te waag om 'n geskenk van God wat die mensdom uniek besit te minag.

Ons sterflikheid is 'n produk van ons *sonde* (Romeine 6:23)

en pogings om ons beperkings te omseil sonder om die bron te erken – geestelike swakheid en sonde teen ons Skepper – is 'n dwaling en is tot mislukking gedoem! Die konsep om onself heeltemal volgens ons eie grille en giere te “herontwerp” en God se doel vir ons en Sy wense vir ons lewens te verwaarloos, herinner mens aan die oorspronklike keuse wat Adam en Eva in die tuin van Eden gemaak het: Om ons eie weg bo Syne te kies.

Dit alles ignoreer die lewe en doel van die enigste Een in die hele geskiedenis van die mensdom wat werklik “trans-humaanse” status *verwerf* het: Jesus Christus! Hoewel Hy eens op 'n tyd vlees en bloed was soos die res van ons (Johannes 1:14; Hebreërs 2:14), bestaan Hy nou in die volheid van die goddelike heerlijkheid van God Self (Johannes 17:5; Hebreërs 1:3)!

Hy bied daardie selfde volheid aan diegene wat Hom sal volg. Diegene wat *werklik* begeer om hulle menslikheid te bowe te kom, *kan* dit doen! In werklikheid is dit die ware doel vir die mensdom – om uiteindelik oneindig meer as die grense van die vlees te oortref en die glansrykheid van die Gesin van God Self in te gaan. Dit sal nooit gebeur deur toestelle of pille of miljoen dollar masjiene van DARPA nie. Dit sal slegs aan diegene gegee word wat bereid is om Godvresende lewens te lei, *nou binne* hulle ware menslike vermoëns, terwyl hulle die beloning in die oog hou wat Christus *dan* met Hom sal saambring (1 Johannes 3:1-2).

W&M

London roep 'n Nuwe "Slag van Brittanje"?

Deur John Meakin

Dit is moeilik om te glo dat ISIS (soms ook "Islamitiese Staat" genoem) wat nou so 'n prominente mag in wêreldgebeure is, minder as twee jaar gelede op die voorgrond getree het, toe hulle hulleself in Junie 2014 ná die verowering van die noordelike Irakse stad Mosul, as 'n Islamitiese Kalifaat verklaar het.

In daardie kort tydperk het nogtans 'n geskatte 20,000 buitelandse vegters van regoor die wêreld na die Midde-Ooste gestroom ter ondersteuning van ISIS se kruistog om 'n Kalifaat in Sirië en Irak te vestig. Daardie vegegs mag sluit 700 in van die Verenigde Koninkryk, 600 van Duitsland, 1,200 van Frankryk, 250 van Australië en 100 elk van die VSA en Kanada.

Hier in Brittanje beskryf nuusberigte die skokkende aantal tieners en jong volwassenes wat – sonder enige oënskynlike waarskuwings of tekens van ontevredenheid – uit Brittanje verdwyn het en in die geheim na Sirië of Irak gereis het om by ISIS aan te sluit. Honderde geskokte en hartseer families is agtergelaat terwyl hulle wonder hoe dit met hulle kon gebeur het en waarom.

Wat kommerwekkend is, is ISIS se godsdienstige voorwendsels; die organisasie verkondig 'n kragtige apokaliptiese

relaas wat handel oor die naderende einde van die wêreld en die opgang van 'n nuwe orde – dit word op 'n manier wat skokkend vir baie Christelike gelowiges is gedoen. Waarom lok ISIS dus selfs sommige jong Britte vir hulle doel en wat beteken dit vir die wêreld?

Wat is die aantrekkingskrag?

Baie eevoudig gestel – ISIS doen homself as die regmatige erfgenaam voor van Mohammed se oorspronklike leerstellings. Sy sterk verklarings mag aanvanklik vir baie mense na 'n betroubare en geloofwaardige openbaring klink van waaroor Islam regtig alles moet gaan.

ISIS streef daarna om die leerstellings en voorbeeld van Mohammed tot in die fynste detail te volg; gevolglik beskou hulle hulleself as die eerste ware Islamitiese regering in 'n duisend jaar. Alhoewel hulle tans binne Sirië en Irak oor 'n gebied so groot soos die Verenigde Koninkryk, met 'n bevolking van sowat 10 miljoen mense regeer, beweer ISIS dat hulle godsdienstige, politieke en militêre mag oor alle Moslems wêreldwyd het en daarna streef om die res van die wêreld onder hulle absolute beheer en gesag te bring.

Om die organisasie se

doelwitte verder te bevorder, het ISIS-ondersteuners deskundiges geword in die gebruik van propaganda via die uitsaaimedia – radio, televisie en die Internet – om hulle boodskap aanloklik en professioneel aan te bied en nuwe volgelingen te lok. Hulle is merkwaardig suksesvol in die gebruik van Internet sosiale media en bedrewe om talle pogings te omseil wat aangewend word om hulle te stuit.

Dit is dan geen wonder dat kwesbare en onskuldige jong mense (hoofsaaklik Moslems) die prooi van ISIS se propaganda word nie. Duisende jong mense is hervorm tot 'n eng, uiters gewelddadige wêreldbeskouing en het, nadat hulle mislei is, na Sirië of Irak verhuis om in die kalifaat te leef en by die saak aan te sluit.

Die ISIS-ideologie stel 'n deurlopende "aanvallende jihad" (heilige oorlog) voor – die kragdadige uitbreiding in lande wat deur nie-Moslems regeer word. Hulle metodes is uiters gewelddadig intimiderend en vernederend, indoktrinerend en terroristies; afgryslieke en bloedige openbare teregstellings word op die Internet opgehemel asook die slawery van vroue en kinders. Vroue onder ISIS-beheer mag wettig as byvroue en seks-slawe gebruik word terwyl veral die

verkrugting van nie-gelowiges toegelaat word – selfs aangemoedig word in sommige gevalle.

ISIS het 'n welverdiende reputasie vir barbaarse, onbeskaafde gedrag en bloedorstige geweld verwerf teenoor enigiemand wat in die pad staan van jihad (die heilige oorlog). Sy menseregte rekord is betreurenswaardig; waarnemers het ISIS tot verantwoording geroep vir die menigte gruweldade en oorlogsmisdade, gedwonge bekerings en etniese en godsdienstige suiwering op 'n byna industriële skaal.

Brittanje se nuwe oorlog

Teen die einde van Julie 2015 het Eerste Minister Cameron, toe hy die stryd teen ISIS beskryf het as “*die stryd van ons geslag*”, begin om 'n omvattende Teen-ekstremistiese Strategie te onthul (“*Extremism: PM Speech*”, www.uk.gov, 20 Julie 2015) om in die komende weke en maande gedebatteer en geïmplementeer te word. 'n Nuwe verdedigingsoorsig word in die vooruitsig gestel om die verdedigingsbesnoeiings wat vir baie jare opgelê was om te keer en voorsiening te maak vir die vermeerdering van die aantal spesiale magte, spioenasie vliegtuie, robotvliegtuie en ander toerusting wat die Minister van Verdediging, Michael Fallon, beskryf as 'n “*nuwe Slag van Brittanje*” teen 'n onverbidelike en vasbeslote fascistiese vyand.

Cameron is vasbeslote om 'n ambisieuse en besliste verdediging van Britse waardes

tuis en in die buiteland van stapel te stuur, ter onderskriging van wat hy as 'n buitengewoon suksesvolle, oop en vry, veelrassige en veelgelowige demokrasie beskryf. Die doel is om ISIS op elke vlak teen te staan in alles waarvoor dit staan. Pogings sal aangewend word om gemeenskappe bymekaar te bring en om die identiteitskrisis te ontloot wat soms deur die jeug ervaar word wat hulle kwesbaar vir ekstremistiese denke, kan laat.

ISIS se onbybelse profetiese verhaal

Een van ISIS se kern, ondersteunende leerstellings is die oortuiging dat *die einde van die wêreld op hande is*. ISIS ag hulleself as die hoofspeler in hierdie eindtye; trouens, die voorloper vir gebeure wat die apokalips sal laat realiseer.

ISIS se doktrine verwag die naderende koms van die Mahdi – 'n messiaanse figuur wat bestem is om die Moslems na oorwinning te lei voor die einde kom. Hulle glo dat die leërs van “Rome” sal byeenkom om die weermagte van Islam in die noorde van Sirië by Dabiq naby Aleppo te ontmoet, waar Rome se magte verslaan sal word. Dit is nie duidelik wie Rome verteenwoordig nie, maar Turkye of Amerika word as geskikte kandidate voorgelê. Islam se finale konfrontasie met 'n anti-Messiaanse figuur sal in Jerusalem plaasvind. Almal, behalwe 5,000 van die kalifaat se magte sal omkom, maar Jesus, die tweede mees

gerespekteerde profeet in Islam, sal terugkeer en die oorblywende Moslems na oorwinning lei (“*What ISIS Really Wants*”, Graeme Wood, *The Atlantic*, Maart 2015, bl. 17-18).

Vanuit 'n Bybelse perspektief is die meeste van bogenoemde oortuigings eenvoudig ongegrond, net soos baie van ISIS se ander oortuigings is, selfs al kom dit voor asof daar 'n soort verwronge nabootsing van die Bybelse werklikheid is.

Eeue voor die verskyning van Islam opgeteken is word daardie werklikheid in Sagaria 14 beskryf. Alle nasies sal byeenkom om teen Jerusalem te veg (vers 2), maar die terugkerende Christus verdedig die stad, red dit en maak dit Sy wêreldhoofstad (Jeremia 3:17) en lui só 'n ongekende tydperk van vrede, heropbou en redding in, wanneer die hele wêreld vir die eerste keer die geleentheid sal hê om van Hom te leer en Hom gehoorsaam te wees.

Bloedorstige *jihad*, kruisigings, onthoofdings en onstuitbare terrorisme in die naam van 'n Moslem kalifaat – kragtige uitinge van verkeerde en misleide denke wat mense van alle godsdienste, asook die daarsonder, teister – sal iets van die verlede wees; vir altyd verby; vervang deur die volmaakte regering van die ware Messias, Jesus, die Koning van die konings en Here van die here (Jesaja 9:6-7; Openbaring 11:15-18; 19:11-16). Mag God daardie dag bespoedig! **W&M**

Vrae & Antwoorde

Van watter soort Kersfees droom u? Behoort u daarvoor te droom?

VRAAG: Gee die Bybel enige riglyne met betrekking tot spesifieke aanbidding of aktiwiteite wat Christene behoort te verrig om Kersfees te vier?

ANTWOORD: Baie mense is verbaas om te verneem dat daar geen Bybelse opdrag of voorbeeld vir Christene is om die geboortedag van Jesus Christus te herdenk nie.

Die Skrif maak *nie eenkeer* melding van 'n verjaardagviering vir Jesus Christus of deur Hom nie. Sommige mense aanvaar verkeerdlik dat Matthéüs 2:1-2 die eerste geleentheid is waar Kersgeskenke gegee word, maar dit is in werklikheid die “wyse manne” wat hulde gebring het aan die “Koning van die Jode” – wat toe alreeds 'n jong kindjie was – nie verjaardaggeskenke wat aan 'n pasgebore baba gegee is nie (vers. 11).

Dit is insiggewend om daarop te let dat die enigste “verjaardagpartytjies” wat ons in die Skrif vind verband hou met onaangename gebeure. In Matthéüs 14, byvoorbeeld, was Koning Herodus se “verjaardaggeskenk” Johannes die Doper se afgekapte kop. Selfs so laat as 245 n.C. het die bekende geleerde Origen “die idee om Christus se geboortedag te vier, as sonde verwerp” (*Encyclopaedia Britannica*, 11de uitgawe.).

Die Skrif gee egter wel 'n paar wenke aan ons wat betref Christus se geboortedatum, deur aan ons te sê dat Hy gebore is toe “daar ... herders in dieselfde landstreek [was], wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het” (Lukas 2:8). Gedurende die koue winters van Judea het herders binnenshuis geslaap. Ons lees ook dat terwyl Sagaria in die tempel diens verrig het in die afdeling van Abía, het 'n engel aan hom verskyn en aangekondig dat hy 'n seun – Johannes die Doper (Lukas 1:5-25, 57-58) – sou hê. Die afdeling van Abía was die agtste om elke jaar diens te doen en deur die datums vorentoe te bereken, vind ons dat Johannes die Doper na aan die Pasga, in die lente gebore is en Jesus ses maande later (Lukas 1:24-26), wat beteken dat sy geboorte in September of Oktober was – nie op 25 Desember nie!

Aangesien die Skrif nie die viering van Jesus Christus se geboortedag ingestel het nie en dit duidelik maak dat Hy nie op 25 Desember gebore kon wees nie, hoe het die gewoonte van 'n 25

Desember “Kersfees” ontstaan? In Rome was 25 Desember die datum van die Saturnalieë; dit was ook 'n “heilige dag” vir aanbidders van Mithras en Sol Invictus. Soos wat heidense “bekeerlinge” die oorspronklike leerstellings van die Christendom verander het om by hulle ou gewoontes aan te pas, het hulle voortgegaan om 25 Desember as 'n vakansiedag te vier deur net eenvoudig die voorwerp van aanbidding te verander.

Is dit dan enigszins verkeerd om die wêreld se gewoonte om verjaardae te vier te “verchristelik” en dit op ons Verlosser van toepassing te maak? Die Skrif verduidelik dat ons nie die ware God kan aanbid deur ons van Sy weë te distansieer ten gunste van gewoontes wat gebruik word in die aanbidding van valse gode nie (Deuteronómium 12:30-32). Let op: “Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie” (Jeremia 10:2-4). God se mense behoort nie heidense gewoontes aan te leer, soos die gewoonte is – wat in hierdie verse beskryf word – om 'n boom te versier as deel van 'n viering nie. Herinner daardie gebruik u aan een besondere vakansiedag wat baie geliefd in die wêreld is?

Jesus Christus het Sy volgelingen gevra: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). In 'n wêreld wat behep raak met “Kersfees”-vieringe mag dit aanloklik wees om aan 'n “onskuldige” viering soos dit mag voorkom, deel te neem en dit kan sosiaal ongemaklik wees om te weier. As Christene moet ons egter weier. In plaas daarvan behoort ons Jesus se voorbeeld te volg deur die werklike Heilige Dae te onderhou wat God aan Sy mense gegee het en wat Sy plan van verlossing vir die mensdom uitbeeld. Vir meer inligting oor hierdie Heilige Dae, skryf gerus vir 'n gratis eksemplaar van ons boekie, *Die Heilige Dae: God se meesterplan*. **WVM**

Profesie neem

Dreigende finansiële ellende

Die Verenigde State van Amerika en ander Israelitiese nasies (die Verenigde Koninkryk, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en nasies van die noordwestelike Europese afkoms), het ongekende finansiële voorspoed gedurende die afgelope twee eeue ervaar. Die pond en die dollar was die wêreld se reserwe geldeenhede en was vir 'n hele paar honderd jaar die erkende ruilmiddels vir wêreldhandel. Hierdie bevoorregte en uitnemende posisie is nietemin besig om te verander en 'n *dramatiese ommeswaai* gaan 'n aanslag op die Israelitiese nasies hê namate antieke Bybelprofesieë **gestalte aanneem** in die jare wat voorlê.

Waarskuwingstekens – ontluikende gevare

Die internasionale monetêre stelsel wentel deesdae om die Amerikaanse dollar. Amerika skuld egter 16 triljoen dollar aan soewereine welvaartfondse in die Midde-Ooste en aan potensiele vyandige nasies soos China en Rusland. Hierdie stygende skuld ondermyn vertroue in die VSA dollar en om geld van potensiele teëstanders te leen sal beperkinge op politieke en militêre opsies vir Amerika beteken, indien 'n krisis sou ontstaan. Pogings deur die VSA Tesourie om die dollar te verswak (sy waarde te

verminder) ten einde die bedrag wat aan die uitleen nasies verskuldig is te verminder, word nie deur daardie nasies waardeur nie, aangesien dit die bedrag van die rykdom wat hulle in VSA dollars hou bedreig. Dit het 'n werklike begeerte aan die kant van ander nasies laat ontstaan om 'n *alternatiewe geldeenheid* as teenvoeter vir die VSA dollar te skep. In werklikheid, soos die ekonoom James Rickards daarop gewys het, Amerika se grootste ekonomiese mededingers – China, Rusland en die olieproduserende lande van die Midde-Ooste – doen alles moontlik om die VSA monetêre monopolie te beëindig. Rickards is 'n raadgewer van internasionale ekonomie vir die Departement van Verdediging van die VSA.

Die nasies wat negatief geraak word deur die Amerikaanse finansiële beleid is nie in staat om die VSA militêre oorheersing uit te daag nie. In ons moderne elektroniese tydperk is daar tog ander metodes om die Amerikaanse beleid uit te daag – *met inbegrip van kuberaanvalle en valuta oorloë!* Die doel van 'n finansiële oorlog is om handel te ontwig, rykdom te vernietig en 'n teëstander se vermoë te verlaag en geopolitieke voordeel te behaal. Kuberaanvalle op

finansiële markte wat die verkoop van aandele en effekte naboots, kan tot finansiële paniek lei wat oornag of in 'n kwessie van dae, groot bedrae van rykdom kan uitwis. Waarnemers erken dat “'n goed georkestreerde finansiële kuberaanval so ontwrigtend soos enige tradisionele militêre aanval kan wees”. (*Currency Wars*, Rickards, bl. 47). Toevallige of kwaadwillige aktiwiteite wat vertroue in die dollar ondermyn – die belangrikste geldeenheid in wêreldhandel – kan tot die ineenstorting van die internasionale stelsel lei en wydverspreide maatskaplike en politieke onrus veroorsaak. Rickards sê elders: “Die heel waarskynlikste uitkoms van valuta oorloë en die verlaging van die dollar is moontlik 'n chaotiese, katastrofiese verlies van beleggersvertroue” en die implementering van noodmaatreëls deur regerings om 'n soort van monetêre stelsel te behou (*ibid.*, bl. 247). Hierdie selfde skrywer merk op: “Die verloop van die VSA dollar is onvolhoubaar ... dit laat chaos as 'n sterk moontlikheid” (*ibid.*, bl. 255). Hy skryf ook dat ons kyk na “die dollar se laaste dae en die gevolglike ineenstorting van die internasionale monetêre stelsel ... die volgende finansiële ineenstorting sal ongekend in

gestalte aan

omvang wees ... [en] stem met niks in die geskiedenis ooreen nie" (*The Death of Money*, bl. 6, 12-13).

Antieke profesieë

Wat baie mense vandag nie kan begryp nie is dat God lank gelede vir Abraham en sy Israelitiese nageslag belowe het dat, indien hulle Sy Wette *gehoorsaam*, hulle geseënd sou wees (Génesis 12:1-3; Deuteronomium 28:1-13). God het egter die Israeliete gewaarsku dat indien hulle *ongehoorsaam* sou wees aan Sy Wette, Hy hulle "trotse mag [sal] verbreek" – met inbegrip van hulle monetêre mag – hulle vyande die oorhand oor hulle sou kry (Levitikus 26:14-20). God waarsku die Israeliete verder dat indien hulle Hom sou verwerp en teen Sy weë sou draai, die vreemdelinge in hulle midde sal opstaan en die Israelitiese nasies hulle mag en invloed sou verloor en *debiteure* van ander nasies word (Deuteronomium 28:43-45). Die profeet Jesaja het die Israeliete gewaarsku dat, omdat hulle geweier het om Sy Wette te gehoorsaam, Hy die beskermende "doringheining" sal verwyder wat Hy om hulle geplaas het as gevolg van die gehoorsaamheid van hulle voorvader Abraham (Jesaja 5:5). Jesaja profeteer ook dat die Israelitiese nasies soos Sodom en Gomorra sou word (bevordering van homo-

seksualiteit, dieselfde-geslag huwelike en ander sensuele plesier – sien Génesis 19:5-7; Eségiël 16:49-50) en dat God die ondersteuning van hulle samelewing sou verwyder (met inbegrip van hulle ekonomiese fondament – Jesaja 1:1-10; 3:1-5). Die profeet Miga het voorspel dat die tyd sal kom wanneer die sondige Israeliete sal probeer om hulle geld te spaar, maar dié pogings sal tot niks kom nie en hulle rykdom sal aan diegene gegee word wat hulle oorwin (Miga 6:14).

Eségiël is opdrag gegee om die Israelitiese nasies te waarsku (Eségiël 2:3; 3:4, 16-17) dat, as gevolg van hulle ongehoorsaamheid aan God se Wette, hulle "onheil op onheil" sou beleef en dat hulle geld waardeloos sou word en hulle dit soos vullis in die strate sou gooi (Eségiël 7:19, 26). Jeremia profeteer dat plundersaars "skielik" op die sondige Israelitiese nasies sou afkom omdat hulle God se Wette verlaat het en dit gevolglik tot 'n ongekende ramp sal lei (Jeremia 6:26; 9:13-19; 19:3-4). In die moderne 21ste eeu se terme kan Jeremia se waarskuwing dat God die "swaard" en die "plunderaar" teen sondige Israelitiese nasies sal stuur, kuberaanvalle en valuta oorloë insluit – wat kan lei tot ontwigting, onderdrukking en selfs gewapende konflikte.

Deesdae *neem* ál hierdie profesieë *gestalte aan* in die nuus! Die trots van Amerika se ekonomiese mag is besig om te kwyn namate vertroue in die dollar daal en vertroue verdwyn in Amerika se vermoë om leiding te neem en 'n model vir die wêreld te wees. Amerika het as gevolg van ongedissiplineerde lenings 'n skuldenaar van ander nasies geword, met inbegrip van mededingers en potensiële vyande. Amerika se monetêre beleid om die dollar te verswak bedreig die rykdom van *ander nasies wat dollars gebruik en* moedig wrewel aan teen die Amerikaanse finansiële oorheersing in die internasionale sfeer. Dit voed 'n groeiende beweging om die dollar te ondermyn en met 'n alternatiewe geldeenheid te vervang. Finansiële ontleders voorspel dat die ondergang van die dollar die internasionale monetêre stelsel kan laat misluk en die wêreld in finansiële en maatskaplike chaos kan dompel.

Uit 'n profetiese oogpunt kan ook daarop gelet word dat "die euro wat by die sydeur wag, nog 'n bedreiging vir die leierskap van die dollar" is en Mario Draghi, die president van die Europese Sentrale Bank (wat in Frankfurt, Duitsland geleë is) het verklaar: "Die ESB is gereed om te doen wat ookal nodig is om die euro te bewaar"

(*The Death of Money*, bl. 112). Die profeet Hosea het lank gelede aangedui dat finansiële besorgde Israelitiese nasies na Assirië (Duitsland) sou kyk vir hulp namate ons die einde van hierdie tydperk nader (Hoséa 5:13). Dit is ontnugterend om te sien hoe hierdie antieke

profesieë *gestalte aanneem* op dieselfde tyd as wat Amerika en ander sogenaamde Christelike nasies van God en hulle unieke Bybelse erfenis wegdraai. Hulle word deur hulle opponente as moderne voorbeelde van Sodom en Gomorra beskou – op pad na vernietiging. Om te leer

wat met hierdie nasies en die wêreld gaan gebeur namate die einde van hierdie tydperk nader kom, lees gerus ons insiggewende boekie, *Armageddon en daarna*.

—*Douglas S. Winnail*

Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program. Van 11:00 tot 11:30 v.m. Sondag-oggende. Kanaal 263 op DStv.

Vervolg vanaf bladsy 18 – Hoeveel is genoeg?

die geloof en hulleself met baie smarte deurboor” (1 Timótheüs 6:8-10).


Genoeg wysheid

Om die balans te vind is die sleutel tot gelukkige vervulde lewens. Die apostel Johannes het dit verstaan toe hy geskryf het: “Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan” (3 Johannes

1:2). 'n Belangrike aspek om die balans in sulke sake te vind, is om die bron van ons seëninge te onthou. Die manier om dit te doen, word verduidelik: “Vereer die HERE uit jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste” (Spreek 3:9).

Die wyse koning Salomo het die boek Prediker afgesluit met hierdie opregte stelling: “Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en

gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word” (Prediker 12:13, NV).


Hoeveel is genoeg? U sal dit net vir uself kan bepaal, dit sal vir elke persoon verskillend wees. Indien u egter eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid soek, sal dit u help om te fokus en die balans in u lewe te vind, wat gewoonlik baie ontwykend kan wees. 

Vervolg vanaf bladsy 13 – 'n Doelgerigte bestaan

wêreldse godsdiens verwant is as aan ware wetenskap. Die fossielrekords vertel nogtans nie leuens nie, ook nie God wat u vir 'n wonderlike doel geskape het nie!

Vir meer inligting oor die

doel van u bestaan, maak seker dat u 'n eksemplaar van ons gratis boekie, *U uiteindelijke bestemming*, aanvra. Dit verduidelik presies wat die Bybel oor God se doel vir die mensdom sê – 'n ewige

bestemming, baie meer opwindend as om vir ewig op 'n harp op 'n wolkie te sit en speel. Kennis van u doel sal 'n verandering meebring, nie net 'n toename nie! 

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

Openbaring 11:15: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid”!

Die enigste oplossing vir die vraagstuk van die menslike natuur en korrupte menslike regerings is die vestiging van die Koninkryk van God op aarde! Indien u meer wil weet van die wêreld wat gaan kom, bestel ons inspirerende gratis boekie, *Die toekomstige wêreld: Hoe sal dit wees?*, of laai dit van die Internet af.

'n Uitdaging vir u!

Ek daag dus al ons lesers van die *Wêreld van Môre* uit, dit maak nie saak waar u land op die ranglys van hierdie “korrupsie” opname of enige ander opname geplaas is nie; maak dit u **prioriteit** om in elke aspek van u lewe egte waardes te handhaaf – die waardes wat deur Jesus Christus en Sy Apostels sedert die begin van die Nuwe-Testamentiese Kerk onderrig en beoefen is – in elke aspek van u eie lewe. Wat is die rigtinggewende beginsel in **u lewe**? Jesus het hierdie kragtige en fundamenteel egte waarde vir alle mense regoor die wêreld gegee: “Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Indien u nie u Bybel op 'n gereelde basis bestudeer nie, moedig ek u aan om voordeel te trek uit ons gratis *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus*. U kan aanlyn studeer, of u kan die eerste vier lesse per pos ontvang op aanvraag. U behoort God se Woord, die Bybel, te bestudeer om die lewe, die toekoms en die omgewing waarin ons leef te verstaan, indien u Satan se invloed op ons hedendaagse wêreld wil oorwin.

Moenie Satan se invloed onderskat nie.

Lees asseblief ons Hoofredakteur, Roderick C. Meredith, se artikel met die titel “*Satan se oorlog teen gesinswaardes*” elders in hierdie uitgawe. Baie van u ouer lesers kan 'n tyd onthou waar u as waansinnig beskou sou word indien u sou voorstel dat vroue met vroue en mans met mans kan trou. Vandag word mense nie net bespot indien hulle dieselfde geslag “huwelike” teenstaan nie, maar hulle word selfs as outyds of iets nog erger beskou, indien hulle nie saamstem met die idee dat 'n persoon self sy of haar eie geslag kan kies nie, sonder inagneming van chromosome en feite van geboorte. Waar kom hierdie verwarring vandaan? Wanneer u verstaan dat God Homself reproduseer – dat Sy plan vir die mens is om nuwe werklike lede van die Godgesin te skep – sal u begin verstaan waarom Satan die idee van die “normale” menslike gesin, met die voortplantingsvermoë van nuwe generasies van potensieële seuns en dogters van God, so haat.

Satan wil selfs hê dat u glo dat u lewe die gevolg van toeval is, dat dit uiteindelik sonder doel of betekenis is. Lees asseblief die artikel deur Gerald Weston, “*'n Doelgerigte bestaan*”, elders in hierdie uitgawe. In teenstelling met die idees van materialistiese evolusioniste, is die waarheid dat die wonderlike kompleksiteit van die menslike liggaam en verstand nie deur toeval tot stand gekom het nie, maar in der waarheid deel is van God se groot plan vir die mensdom.

Deesdae word die meeste mense “opgevoed” om in evolusie te glo eerder as in die goddelike skepping. Daar kom binnekort 'n tyd wanneer die hele wêreld, onder die liefdevolle heerskappy van die terugkerende Verlosser, Jesus Christus, in staat sal wees om gebalanseerde opvoeding te ontvang. Hulle sal egte waardes en ware kennis van hulle doel en die betekenis van hulle lewens geleer word. Lees

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

my artikel, "Is u gereed vir Christus se Wederkoms?" elders in hierdie uitgawe.

Berei voor vir die Koninkryk!

God sal binnekort die korrupte regerings van ons wêreld vervang. Hy is besig met die voorbereiding van 'n nuwe wêreldregering, met Christus as Koning oor die hele aarde (Sagaria 14:9). Hy is ook besig om ons as konings en priesters op te lei om die Koning van die konings by te staan (Openbaring 5:10). Sal ons harte van integriteit hê? Namate ons die einde van hierdie tydperk nader, moet ons almal daarna streef om in die genade en kennis van Christus te groei (2

Petrus 3:18)! Ons moet ons bes doen om, met die hulp van die Heilige Gees, God se lewenswyse in ons eie lewens uit te leef.

Mag God u almal, ons lesers, seën namate u Christus se opdrag om te waak en te bid altyd volg en namate u heelhartig voorberei vir u plek in die komende Koninkryk van God en vas oortuig wees van God se belofte: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Filippense 4:13).

Richard F. Ames

Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**